



Kompass

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 14 / no. 9
September 2005

OP EIE BENE?

Skoolverlating en belydenis van geloofaflegging beteken nog geen volledige selfstandigheid nie. Dit beteken ook nie dat jy op jou eie bene moet gaan staan nie. Wat gebeur wanneer jongmense die skool verlaat? Natuurlik kom daar 'n stuk eie verantwoordelikheid wat sterker na vore kom. Hulle gaan 'n nuwe lewensfase in. Daar word baie van hulle gevra. Die steierwerk van die huis waarin opgegroeï is, val vir baie weg. Vaste afsprake, gewoontes en lewenspatrone val weg. Nou moet gesien word hoe daar gebou is. Hoe gaan die jong volwassene homself nou gee as lidmaat van die gemeente van Christus? En dit gebeur in 'n lewensfase waarin ontsettend baie van mens gevra word. Juis in hierdie lewensfase word 'n loopbaan begin of die keuse kry finaal vorm. 'n Studierigting word ingeslaan en verhoudings met die teenoorgestelde geslag begin baie ernstiger word. Veel meer verwagtings word gelaai in verhoudings met vriende en vriendinne.

Uit die aard van die saak gaan Christen-ouers nie afstand neem van hul kinders wat op eie bene gaan staan nie. Elke sensitiewe ouer weet hoe swak daardie bene van die jong volwassenes nog is. Die vraag waarby ek egter wil uitkom is: "Wat is die taak van die kerk teenoor die skoolverlaters?" Is dit nie ongelukkig so dat baie jongmense wat pas belydenis van geloof afgelê het, êrens op die rand van die gemeente beland nie? Nie omdat dit 'n doelbewuste keuse van enigiemand is nie. Ongelukkig gebeur dit net te dikwels dat hulle met wie daar vir ses of meer jare intensief op katekisasie gewerk is, skielik in 'n lugleegte sonder intensiewe pastorale sorg beland.

Die prediking gaan voort en die jongmense woon steeds die eredienste getrou by. Maar wat het geword van die natuurlike gesprekke by katekisasie in die middel van die week oor dit wat Sondag oor gepreek is? Daardie kontakte het verval. Het die kerk nie 'n taak om daarvoor 'n sinvolle alternatief in die plek te bring nie? Natuurlik kan ons maklik sê dat elkeen 'n keer op eie bene moet gaan staan. So werk Christus egter nie met sy gemeente nie. Daar is sommige wat altyd maar weer ondersteun en gedra moet word. Trouens, wie het dit nie nodig nie?! Is dit nie die wat staan wat gewaarsku word om versigtig te wees dat hulle nie val nie?

Jong volwassenes het steeds nodig wat elke ander lidmaat ook nodig het. Dit is niks minder nie as intensiewe pastorale aandag, belangstelling en ondersteuning. Meelewing van broeders en susters. Enige kerkraad wat daarvan uitgaan dat toerusting in die geloof genoegsaam gedoen is na ses jaar se katekisasie, sal 'n groot fout begaan. Spesifieke aandag vir die plek van Christus in die nuwe lewensfase, is onontbeerlik. Geleentheid en maniere sal gesoek moet word om met die Woord van verlossing naby aan die jong volwassenes te bly. Aan troos, bemoediging en vergifnis, is daar oorvloedig nood en behoefte.

In Hierdie Uitgawe



Tema: Skoolverlating en dan ...?

- Talente en roeping 2
- Hoe om 'n loopbaan te kies 3
- Om vir die Here te studeer 5
- Jou werk 7
- Onderwyskongres 2005 .. 8
- Teologiese opleiding 9
- Brief aan Filémon 11
- Huiswerk: 'n Bybelse uitkyk 13
- Seksualiteit en Huweliks voorbereiding 14
- Liturgie 16
- Kerk, wêreld & armes 17
- Gehoorsaamheid (I) 19

TALENTE EN ROEPING

AROS

TEMA: SKOOLVERLATING EN DAN ...?

Deesdae hoor 'n mens 'n uitspraak soos die volgende nogal baie: "Die Here het aan my sekere talente gegee, dus moet ek sorg dat ek dit ontwikkel en gebruik; ek moet myself verweselik." Mense wat so 'n argument gebruik, sê eintlik iets anders. Hulle sê eintlik: "Ek hou daarvan om sekere dinge te doen waarin ek goed is, dus maak ek aanspraak daarop dat ek dit mag doen."

Nou is dit natuurlik so dat God aan mense sekere talente gee, die een 'n bietjie meer of minder as die ander. Ons kom deesdae agter hoe-

veel mense die talent het vir dinge soos rekenars, internet, programmering – alles wat as IT bekend staan.

Dit alles het 'n halwe eeu gelede nie bestaan nie. Die mense van destyds het dus nooit die moontlikheid gehad om daardie talente te benut en te ontwikkel nie. Hoe jammer tog vir ons voorvaders, sou 'n mens sê. Maar dit is nie hoe dinge werk nie. God gee aan jou 'n taak en 'n roeping op die plek en in die tyd waarin Hy jou plaas. Soms gee Hy jou 'n keuse en Hy verwag dat jy dit volgens sy wil sal uitoeven, byvoorbeeld as jy 'n beroep kan kies. Maar baie mense het nie die geleentheid om 'n beroep te kies nie; hulle moet vat wat voorkom, of werkloos wees.

Waarom dit in die gelowige se lewe gaan, is om diensbaar in Gods Koninkryk te wil wees, so optimaal as moontlik. Nou hang dit af van die tyd, plek en omstandighede waar die Here jou plaas, watter geleenthede Hy gee om diensbaar te kan wees. Wees bekommerd as jy nie diensbaar is nie, en nie oor die benutting van jou talente nie. Hy weet van jou talente en sal dit aanwend soos en wanneer dit Hom pas. En dit besef jy in alle nederigheid en erkentlikheid aan jou Vader wat jou gebruik soos Hy wil, en nie noodwendig soos jy verkies nie.

Elkeen van ons het ook gebreke. Of ons wil graag dinge doen waarvoor ons nie die aanleg het nie. Jy hoor mense dikwels sê: "Ek sou so graag ... (vul self in) wou doen, maar ek het nie die aanleg daarvoor nie." Byvoorbeeld predikant wees, of 'n skrywer, of tale wou kan praat, of fyn skryfwerk kan doen. Of meer in die natuur en minder in die stad wees om God se skepping te kan bewonder. Of meer kinders wil hê, maar die Here het nie meer gegee nie. Of evangeliseer of in die openbaar spreek, maar jy het nie die vrymoedigheid daarvoor nie. Die lys is eindeloos.

In die Bybel kry ons genoeg voorbeelde daarvan. Moses wou nie die Israëliete uit Egipte uitlei nie, omdat

hy beweer het dat hy nie goed kon praat nie. Gideon, Saul en Jeremia het hulself nie gesien as in staat om te doen wat die Here van hulle gevra het nie. Elia en Jona het op 'n stadium nie kans gesien vir hul taak nie en weggevlug. Dawid is min of meer beskou as die laaste man wat die magtige Goliath kon beveg. Paulus wou die Jode vervolgt, maar God het hom op pad na Damaskus tot ander insigte gebring. Christus het gesê sy dissipels moet uitgaan en preek; Hy sal sorg dat hulle op die regte oomblik sal weet wat om te sê.

Die punt is dat God mense gebruik soos Hy dit goeddink. Hy het sy redes daarvoor, redes wat dikwels nie vir ons verstaanbaar is of hoef te wees nie. As ons dink ons is nie die regte persoon vir iets nie, ons het nie die vereiste talente nie, of het gebreke op daardie gebied, wil dit nie sê dit is so nie. Die Here sal dit bepaal, nie ons nie. En Hy sal duidelik maak wat Hy wil hê, ongeag jou eie mening.

Vir jou is dit belangrik om te besef wat Hy wil, nie wat jy self wil nie. En dit sal jy net agterkom as jou ingesteldheid reg is, want slegs dan is jy ontvanklik vir die Here se opdragte aan jou. Leef uit die Woord en in die gebed, en die Here sal jou gebruik soos Hy dit wil, deur sy Gees.

Dit wil nie sê jy moet jou tekortkomings ontken nie, net so min as wat jy nie moet ontken dat jy sekere talente het nie. Maar die aan- of afwesigheid van sekere talente is nie bepalend vir wat die Here met jou wil doen nie. Wees verseker, Hy sal jou nie verkeerd inspan nie.

En wees versigtig met hierdie sogenaamde inwendige stemmetjie wat in jou oor influister dat jy dit of dat moet gaan doen. Onthou dat hierdie stemmetjie goedwillig of kwaadwillig kan wees. En dikwels kom so 'n stemmetjie uit jou eie hart en is nie noodwendig 'n opdrag van die Here nie. Sy opdragte kom eerstens uit sy Woord en uit die geleenthede wat Hy jou gee, byvoorbeeld deur 'n direkte beroep wat 'n instansie of persoon op jou doen.

Uit: Gereformeerde DinkDoen: normatiewe Maatskappyleer - AROS

Eienaar en uitgewer:

Stigting Woord en Wandel
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
A Bron (sekretaris)
Tel. (012) 332-0943

E-pos (stigting):
berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: ds E Viljoen
(eindredakteur)
Mev. M de Vries
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
ds J van der Linden

Redaksie: Mev. JW Douma
Saxenburgsingel 14
Oakglen
Bellville 7530
Tel. (021) 919-5176

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Administrasie:
Mev. G van der Meulen
Posbus 23931
Gezina 0031

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):
E-pos: RSA R40
Buiteland •10
RSA: R80 (per hand)
R90 (per pos)
Buiteland: Seepos •30
Lugpos •40

HOE OM 'n LOOPBAAN TE KIES

R van der Kooy

TEMA: SKOOLVERLATING EN DAN ...?

Laat ons nou maar eerlik met onself wees. As ons dink aan watter loopbaan ons eendag wil volg, dink ons veral aan drie aspekte: in watter beroep stel ek belang, of ek werk sal vind en of ek genoeg geld sal verdien, hoe meer hoe beter. Dikwels kom nog 'n vierde aspek by: sal ek die werk kan doen, dus slim genoeg wees en geleentheid hê vir die studie.

Maar is dit die vrae wat die Here wil hê jy moet vra? Hy het jou met 'n doel en 'n roeping op aarde geplaas, daarvoor gesorg dat jy in 'n gelowige gesin en in die kerk grootword en 'n goeie opvoeding kry. Hy wil hê jy moet in sy diens staan. Dit kan jy in 'n groot verskeidenheid beroepe doen. Maar as jy 'n gelowige is, vra jy ander vrae en dan kom jy heel moontlik by 'n ander beroep as jou keuse uit.

Dit is vrae soos: Hoe kan ek die Here dien met die talente wat Hy my gegee het? En watter loopbaan moet ek kies om in diens van Gods koninkryk in die gemeenskap waar Hy my geplaas het, te kan werk? Watter geleentheid in sy diens gee Hy om aan te gryp?

FAKTORE

Behalwe vir die regte vrae, is daar 'n aantal faktore wat jy ook in berekening moet bring. Dit is faktore soos:

- Die omstandighede waarin ek my bevind. Kan ek toegang kry tot die middele wat nodig is om te gaan studeer (beurs, lenings, ouers wat dit kan bekostig...)?
- Die behoefte aan (vraag na) die soort beroep wat ek wil gaan beoefen. Dit help nie dat ek 'n ruimtevaarder wil word as niemand my in diens wil of kan neem nie.
- Die behoeftes van my omgewing. Is daar 'n groot vraag na onderwysers en verpleegsters, rekenmeesters of bouers? Is daar 'n

tekort aan predikante en 'n behoefte aan welsynwerkers?

- Natuurlik mag my belangstelling en aanleg ook 'n rol speel. As ek nie veel belangstelling of aanvoeling het om met kinders om te gaan nie, sal dit onverstandig wees om onderwyser te wil word. En as ek sakeman wil word, maar ek kan nie met syfers werk nie en sien nie sakegeleentheid raak nie, moet ek dit lievers nie doen nie.
- En dan is daar beroepe waar jy jou as Christen op gevaarlike terrein sal bevind, dus in 'n omgewing of met kollegas wat jou lewe as gelowige sal ondermyn. Dink maar aan 'n beroepsport, werk in 'n nagklub of kroeg, werk by mikro-leners of by 'n casino. Of 'n soort werk wat dit vir jou onmoontlik gaan maak om by die kerk uit te kom, in 'n gemeente te funksioneer of om 'n gesinslewe te hê.

Al hierdie faktore speel 'n rol. Maar dit is onrealisties om te dink dat 'n jeugdige wat aan 'n beroep begin dink, al hierdie faktore gaan lys, al die beroepe waaraan jy kan dink op 'n tweede lysie, en dat jy dan gaan redeneer watter beroep pas die beste by al die faktore. Dit gebeur net nie so nie.

Daarby: gelowiges is nie van die wêreld nie, maar wel in die wêreld en jy moet ook nugter wees om 'n beroep te kies om 'n bestaan te kan maak. Dit is egter net die een kant van die saak. As jy glo die Here het jou sekere talente gegee en in sekere omstandighede geplaas om jou roeping uit te lewe, sal Hy ook vir jou sorg as jy doen wat Hy van jou verwag.

VERWYSINGSRAAMWERK

Om in 'n kort artikel uiteen te sit hoe die jong man en die jong meisie



presies te werk moet gaan om 'n beroep te kies, is net nie realisties nie. Dit kos gebed, nederig vir die Here vra wat Hy wil hê jy moet doen, en die regte vrae aan jouself vra.

As dit jou uitgangspunt is, kyk jy met gelowige en gehoorsame oë, dalk half onbewus, na al die faktore wat ter sprake behoort te kom. Hierdie faktore bêre jy êrens in jou brein. Dan sal die beroepe wat jy begin raaksien en waarna jy belangstellend kyk, byna intuïtief in die lig van die regte vrae en al die faktore wat ter sprake is, getoets word.

Dit is hoe 'n mens se brein werk. Alles wat jy sien, lees, hoor, alle mense met wie jy in aanraking kom, word verwerk en getoets in die lig van die verwysingsraamwerk in jou brein. En hierdie verwysingsraamwerk van jou is deur baie jare opgebou deur die opvoeding wat jy gekry het, die kennis wat jy het, die dinge waarvan jy geleer het om van te hou of nie te hou nie, alles wat jy weet reg of verkeerd is, ens.

As jy 'n ongelowige verwysingsraamwerk het, sal jy ongelowige (= verkeerde) keuses maak. En andersom. 'n Voorbeeld: Die oomblik wat jy iemand sien, kom dadelik die volgende gedagtes by jou op: jy ken die persoon of jy ken die persoon nie; jy dink die persoon is mooi

of lelik, slim of dom, netjies of slordig, ensovoorts. En jy besluit intuïtief (en oppervlakkig) wat jy van die persoon dink.

Hoe kry jou brein dit reg? Dit is omdat jou brein “gelaai” is met alles wat jy al geleer het, met ervarings, eie idees en voorkeure, gelaai deur alle invloede wat jy al in jou lewe ontvang het. Dit is jou verwysingsraamwerk. Deur in die lig van hierdie raamwerk na mense te kyk, kry jy sekere indrukke en neem jy ‘n sekere houding in. Dit is ‘n eerste indruk, baie oppervlakkig. En jy sal dit voortdurend aanpas namate jy so ‘n persoon beter leer ken. Hoe meer mensekennis jy het, hoe nader sal so ‘n eerste indruk in die kol wees.

Net so is dit wat betref beroepskeuse. As jou verwysingsraamwerk is om net na jou eie belange te kyk, geld, roem en eer na te strew, dan sal die soort beroepe wat dit vir jou kan gee, op jou ‘n aangename indruk maak. Maar ‘n gelowige raamwerk, gelaai met Skriftuurlike waardes en voorkeure, sal jou oog op ander beroepe laat val. Want jy en jou brein vra ander vrae, neem ander faktore in aanmerking, en weeg faktore anders, Skriftuurlik, volgens die waardes en norme wat die Bybel ons leer. Ook al is dit dalk sonder dat jy dit ten volle besef.

TOETSE

Jong mense op hoërskoolvlak kry meestal die geleentheid om ‘n klomp sielkundige toetse af te lê om te bepaal waarvoor jy aanleg het. Een reeks toetse bepaal jou intelligensiekoëffisiënt (jou IK), dus hoe slim jy is. ‘n Ander stel toetse stel vas waarvoor jy aanleg het. En dan is daar nog toetse wat jou be-

langstellings probeer vasstel. Niks mee verkeerd nie. Sulke toetse gee nuttige aanduidings. Maar dit is al wat dit is: aanduidings, nie absolute waarhede nie.

Onthou hierby ‘n paar aspekte. Sulke toetse gee algemene aanduidings, is nie absoluut nie, en kan verkeerd wees. Daarby kan jou belangstelling verander, byvoorbeeld in die lig van nuwe indrukke en ervarings. Ook neem die toetse nie noodwendig die Here se roeping en jou eie besondere omstandighede in aanmerking nie. Ook nie jou omgewing se behoeftes nie.

WERKLIKHEID

Dit gebeur baie keer dat jy ‘n werk moet kies omdat dit die enigste een is wat beskikbaar is. Niks mee verkeerd nie. In baie soorte werk waar jy jou plig doen, ook al is dit nie soort werk van jou voorkeur nie, kan jy heel gelukkig wees. Dit is die ongelowige wêreld wat roep dat elke mens die reg moet hê om “homself te verwesenlik, jou talente ten volle te benut...”

Daarom dat baie vroue deesdae “loopbaangerig” is. Want, sê hulle, die Here het my sekere talente gegee en ek moet dit uitleef. Dan vergeet hulle dat om huismoeder te wees, baie belangriker kan wees as ‘n loopbaan. Daarby, ‘n huisvrou en moeder het sekerlik baie talente nodig, al lyk dit nie op die oppervlakte so nie. En wat is mooier om kinders, die volgende geslag, in die vrees van sy Naam groot te mag maak?

Ten slotte, moenie vergeet dat jy ‘n gelowige is wat in die eerste plek in diens van die Here jou lewe moet bestee. En dan kry loopbane soos



onderwyser en predikant, welsynwerker en sendeling, ontwikkelingswerker en verpleegster, sekerlik meer punte as talle ander beroepe. Ook al is die salaris dalk nie so goed as wat talle ander loopbane bied nie.

Onthou, ook jou loopbaan, soos alles wat jy in die lewe doen, is daarop gerig om jou God en Vader te dien, om skatte in die hemel te versamel (Matt 6:19,20). Soek daarom eers die koninkryk van God, die res kom vanself (Matt 6:33). Bestudeer gerus hierdie hele hoofstuk.

NASKRIF

In die vak Lewensoriëntering wat deesdae op alle skole aangebied moet word, word heelwat aandag aan beroepskeuse gegee. Ongelukkig word dit vanuit ‘n ongelowige standpunt gedoen. Met baie klem op “my talente” en diensbaarheid aan ons land en sy mense. Diensbaarheid aan ons Skepper en Verlosser kom nie ter sprake nie. Daarom publiseer ARSO ‘n reeks skoolboeke vir hierdie lewensbelangrike vak met Bybelse uitgangspunte en insigte, nie net wat betref loopbaankeuse nie, maar ook ten opsigte van talle ander lewensaspekte. Iets om gerus van kennis te neem. (– RvdK) ✠

OM VIR DIE HERE TE STUDEER

Dr Hanno Boon[†]

TEMA: SKOOLVERLATING EN DAN ...?

Op 13 Desember 2004 het God Hanno Boon, sy kind, tot hom geneem. Hanno sal vir baie uitnemende kwaliteite onthou word. Een daarvan is dat hy 'n uitnemende dosent/leraar/onderwyser was, nie alleen in die kliniese anatomie nie, maar ook op baie ander velde. Daarvan kan ook sommige van ons wat in dieselfde jaar as hy (1988) matriek geskryf het getuig. Ons het heelwat by hom geleer.

Die mens se werk het natuurlik slegs ewigheidswaarde indien dit in die Naam van God gedoen word en God ons werk oor ons bevestig (Ps 90:17). Hanno was, behalwe vir die uitnemende onderwys wat hy nog bied, veral 'n kind van die HERE, soos blyk uit die artikel wat hieronder volg. Die artikel word nie in die eerste plek geplaas sodat ons Hanno sal onthou nie (dis nie waarom hý die artikel sou geskryf het nie). In die eerste plek word dit geplaas sodat ons, wat vandag nog in die lewe is, kennis daarvan kan neem, die inhoud ter harte sal neem en daarvolgens mag lewe.

Onderstaande artikel is deur Hanno geskryf terwyl hy nog 'n mediese student aan die Universiteit van Pretoria was. Wanneer presies die artikel geskryf is en waar dit vir die eerste keer geplaas is, kan ek nie met sekerheid sê nie. In 1993 is 'n matriekkamp gehou deur die Deputate vir Jeugsorg van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Na die kamp is 'n blaadjie uitgegee aan almal wat die kamp bygewoon het. Die redaksie van die blaadjie het met toestemming van Hanno die artikel gepubliseer soos dit hieronder verskyn.

Willem Nederveen

OM VIR DIE HERE TE STUDEER

Ons is almal studente. Studente in die leerskool van ons hoogste Profeet: Jesus Christus. Ons bly almal studente. God se Woord en Skepping is so ryk aan inhoud en verskeidenheid dat ons elke dag dieper insien in die skatte van sy werke. Die Here het aan ons elkeen verskillende gewas gegee en daarom studeer ons ook in verskillende rigtings. Skoliere, studente, vak- en ambagsmanne, ons bly studerendes!

Vir wie studeer ons? Vir wie span ons ons in? Dit is 'n belangrike vraag, veral as ons kyk na die geestesstrominge, waaraan ons as skoliere en studente op universiteite en teknikons blootgestel word. Neem byvoorbeeld die sosiale wetenskappe. Sien ons die humanistiese benadering tot die mens, sy behoeftes en sy regte raak? Wat van die tegniese wetenskappe? In 'n studenteblyd waar dit gaan oor die evolusie teorie lees ons die volgende: "Enige persoon wat geloof bo die korrektheid van die wetenskaplike metode as uitgangspunt verkies, is 'n dwaas ..." en "te veel mense bekijk die feite en gedagte van evolusie vanuit die vooropgestelde negatiewe ingesteldheid van sy geloof." Herken ons die feit dat God so stilweg uit sy eie werklikheid uitgeredeneer en uitgewerk word? Hoe staan ons in die ekonomiese wetenskappe? Is ons tevrede met die kaping van die ekonomie deur 'n wêreldlike humanisme? Solank ons ons net eties netjies gedra in die ekonomie? Of sien ons nog die Koningskap van Christus ook aan die inhoud van die ekonomie? So kan mens verder gaan.

Is ons skaam om ons Christelike roeping uit te voer en die Woord van ons Here se genesende krag oor elke lewens- en studieterrrein te laat geld? Miskien omdat die meerderheid anders dink? Maar die Skrif leer ons dat een persoon wat die Here vrees die meerderheid is. Ons is mos medewerkers van God? Hy is die outeur van sy woord en van sy skepping

Hierdie uitgawe van Kompas het as tema: "Skoolverlating en dan ...?" Van Willem Nederveen het ons 'n artikel ontvang wat geskryf is deur Hanno Boon toe hy nog 'n mediese student was. Hierdie artikel pas goed in by dié Kompas tema. Hanno was ook 'n vorige medewerker van Kompas en ons plaas graag hierdie artikel, saam met die voorwoord van Willem Nederveen.

Die redaksie

(Kol. 1:17). Dit is ons beweegterrein. Ons hoef nie bang te wees nie, ons hoef nie in die verleentheid te kom vir ons Here nie. Hy vra van ons ons hele siel, ons hele verstand en al ons kragte. Dit is nie 'n maklike stryd nie, maar wel die goeie stryd. Ons het die Goeie Herder. Sy stok en staf vertroos ons. Hy het vir u gebid: "Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die bose bewaar" (Joh 17:15).

Geen maklike stryd nie, maar 'n behoue aankoms.

Daarom het ons so 'n groot taak as studerendes. Ons sal ons moet insit om die wil van die Here in te drink. Om sy Woord te bestudeer. Om die asem van die lewe diep na binne te trek (Ps. 119:48 berymd). Ons sal moet besin oor die gesag en betekenis van die Woord oor elkeen van ons se studieterrrein. Ons sal ons afgode en huisgode soos sport, televisie, gemaksug, weg van die minste weerstand, moet laat vaar, en die prioriteite van die Here gehoorsaam.

Die Here het aan ons skatte van boeke toevertrou, waarin ons Gereformeerde voorouers die vrugte van die Reformasie, Afskeiding, Vrymaking, ensovoorts, opgeteken het. Ja, ook boeke wat 'n Skrifuurlike besinning gee oor verskeie studieterrreine. Wat maak ons daarmee? Die Skrif leer ons dat van hom wat veel ontvang het, ook veel geëis sal word. Maak ons tyd om die boeke te bestudeer, of is ons in elk geval te besig om die

gang van ons tennisster of rugby-span te monitor? Om vir die Here te studeer is 'n hoë roeping, 'n pragtige taak en is een en al lofsang van die Heer van alle Here.

Ons mag as vernaamste deel van die dankbaarheid tot ons Here bid en hom om sterkte vra. Johannes Calvyn het die onderstaande gebed geskryf vir die gebruik deur skoliere en studente. Die gebed kom voor in die uitgawe van die Kategismus van Calvyn, wat in Latyn in Toulouse verskyn het in 1897.

Hanno Boon
mediese student – Tukkies

GEBED VIR SKOLIERE EN STUDENTE

Here, U wat die bron van alle wysheid en van alle kennis is, dit het U behaag om my in my jeug onder- rig te gee, om vir my nuttig te wees

om heilig en opreg te lewe. Wil U dan ook my verstand verlig om die onderwys wat ek ontvang te begryp. Sterk my geheue dat ek goed sal kan onthou wat ek geleer het. Rig my hart so, dat ek daarna verlang om groot vordering te maak en dat ek die geleentheid om te leer wat U my bied, nie sal laat verbygaan nie.

Daarom, o my God, gee my U Gees, die Gees van verstand, van waarheid, van onderskeiding en van wysheid, wat my bekwaam sal maak om goeie vordering te maak, en dat die moeite wat gedoen word om my te onderwys nie tevergeefs sal wees nie.

Maar ook, Here, dat ek elke studie, waaraan ek my toewy sal bring tot die ware doel, naamlik om U en U Seun Jesus Christus te ken, om verseker te wees van U genade, en U trou te dien. En omdat U beloof

het om die kleine en nederige met 'n opregte hart, met U wysheid en kennis te verlig, terwyl U die trotse verwerp om in die ydelheid van hul redeneringe verlore te gaan, bid ek u, o my God, skep in my die ware nederigheid, wat my gehoorsaam sal maak, allereers aan U, maar ook aan hulle wat U tot my onderwysing aangestel het.

Wil terselfdertyd my hart bereid maak, om met verloëning van my bose begeerte, U ywerig te soek. Ja, dat my enigste doel sal wees, o God, om my van nou af toe te rus om U te dien in die roeping waarin dit U behaag om my te roep.

Die verborgenheid van die Here is vir die wat Hom vrees, en sy verbond om hulle dit bekend te maak (Ps 15:14).

Amen

Calvyn
α



FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031

Faks 012 329 5927



Drie helder geskrewe boeke oor die gawes en vrugte van die Heilige Gees

FLOOR, L: De gaven van de Heilige Geest in Bybels-theologisch perspectief. O.a. oor wat die Bybel sê oor die gawes, oor die verskil tussen gawes en ampte, en hoe mens die gawes in die gemeente kan raaksien. Aandag word ook gegee aan die besondere gawes: tongetaal, profesie en die gawe van genesing. 116 bls. R122

FLOOR, L: De vrucht van de

Geest in Bijbels-theologisch perspectief. Prof Floor wys daarop dat deurdadig daar die laaste tyd baie aandag gegee word aan die gawes en die werk van die Heilige Gees, veral in charismatiese kringe, daar minder aandag is vir die persoonlike geestelike lewe. Die persoonlike omgang met die HERE mag nie vergeet word nie! Die Bybeltekste wat handel oor die vrugte van de Gees word uitvoerig bespreek. 120 bls. R143

GRUTTER, D: De Geest verandert de mensen – Bijbelstudies over de vruchten van het geloof. In hierdie boek word die nege vrugte van die Gees, wat in Galasiërs 5 genoem word, behandel. 124 bls. R104

Een kopie (nogal skaars) beskikbaar van die samevatting van die

Instituție van Calvyn: DUVENAGE, A: Instituție-Calvyn 'n Pragtige boek vir diegene wat dink dat die Instituție van Calvyn 'n onleesbare, moeilike, dogmatiese boek is. 550 bls. R95

Prof Floor het 'n interessante boek geskryf oor die verbondsark: DE ZWERFTOCHT VAN DE ARK — Die funksie en die geskiedenis van die ark. Hierdie eenvoudige kis was die sentrum van die joodse godsdiens. Die ark was 'n vorm van verkondiging — elke onderdeel het 'n betekenis gehad: die versoendeksel, die gérubs, die twee tafels van klip. Die Here het Homself hiermee aan die volk bekendgemaak, maar die ark is ook 'n prediking van die kruis van Christus en sy koningskap. 100 bls R140

Ander takke van Folmer Boekhandel:

Kaapstad
Folmer Boekhandel
(Petro Drijfhout)
Bondstraat 7
Oakdale, Bellville
7530
Tel 021 – 948 5883

Pretoria
Rooiels Boekhandel
(Irene van der Meer)
Laseandralaan 115
Môregloed
0186
Tel 012 – 333 8064



JOU WERK

AROS

TEMA: SKOOLVERLATING EN DAN ...?

Lewe jy om te werk of werk jy om te lewe? 'n Ou, maar 'n verkeerde vraag. Want die sondige mens moet in die sweet van sy aanskyn sy brood verdien. Terselfdertyd mag die mens wat verlos is van die ban van die sonde, weet dat die Here sal sorg vir die dag van môre; hy hoef hom nie daarvoor te bekommer nie. Hy mag werk in dankbaarheid vir sy verlossing. En sy werk is ook sy Goddelike roeping, selfs al hou hy nie van sy werk nie. Dus jy werk nie om te lewe nie; jy werk in diens van die Here omdat Hy vir jou sorg.

Dit het 'n hele aantal konsekwensies, soos ten opsigte van jou werksetiek, beroepskeuse, die rol van salaris, jou diensbaarheid, jou prioriteite, jou plig teenoor jou gesin en jou naaste, jou ambisie, ideale en verwagtings, en ook jou ander aktiwiteite soos jou stokperdjies.

Kom ons kyk na hierdie aspekte.

WERKSETIEK:

Die Bybel leer dat jy hard en eerlik moet werk, ywerig, dus jou beste moet lewer. Want jy werk in die eerste plek omdat jy dankbaar is teenoor die Here. Hy vra dat jy jou hele lewe, al jou talente, in sy diens sal stel. En dan wil jy mos jou beste gee?

BEROEPSKEUSE:

Die Here het jou sekere talente en eienskappe gegee. Dus vir sover jy kan kies, kies jy die soort werk waarvoor jy aanleg gekry het en waarmee jy maksimaal in God se diens kan staan. As jy nie kan kies nie – en dit is by die meeste mense die geval – doen jy waarvoor Hy jou die geleentheid gegee het.

SALARIS:

Jy streef nie daarna om soveel as moontlik te verdien nie. Dit mag ook nie jou beroepskeuse bepaal nie. Want salaris is nie jou eerste prioriteit nie; die Here sal mos vir jou sorg? En die geld wat jy dan

glo nodig het om te koop wat jy wil hê of wat jy dink jy nodig het vir jou en jou afhanklikes? Natuurlik moet jy verantwoordelik optree. Maar jy het baie minder nodig as wat jou materialistiese buurman aan jou wil voorskryf. En onthou, as jy jou bes doen, word jy beloon.



DIENSBAARHEID:

Jy werk nie vir jouself nie, maar vir die Here, en deur Hom vir jou naaste. Jou uitgangspunt is dat jy diensbaar wil wees, in sy kerk, vir jou naaste, vir die samelewing waarin Hy jou geplaas het, alles tot eer van Hom. Deur jou werk kan jy dit alles doen, kan jy 'n voorbeeld wees, kan jy God se lig laat skyn, kan jy 'n bydrae lewer tot 'n Christelike samelewing wat God behaag.

PRIORITEITE:

Jou prioriteite mag nie wees om iets te bereik nie. God vra nie van jou om iets te bereik nie. God vra van jou om jou taak en roeping te vervul. Dit gaan daarom dat jy doen wat reg is, op die regte manier; nie om die gevolge daarvan nie. Jou prioriteit is om te doen wat God van jou vra, wat jou (gelowige) hand vind om te doen. Nie om 'n mensgemaakte, eiesinnige ambisie te bevredig nie. Soek eers God se Koninkryk en sy geregtigheid; die res sal Hy jou gee vir sover dit Hom behaag.

PLIG:

Natuurlik het jy die plig om na die beste van jou vermoë vir jou gesin en vir jou naaste te sorg. Maar God verwag niks onmoontlikes van jou nie. Hy verwag ook nie van jou om die wêreld se laste en kommer op jou skouers te dra nie. Hy gee jou 'n plek en 'n taak. Hy verwag dat jy in geloof en in wysheid, maar ook in dankbaarheid en vreugde, jou werk sal doen.

AMBISIE EN IDEALE:

'n Mens is ook 'n dromer, iemand

wat 'n beter lewe en 'n beter wêreld wil sien. Maar ambisie en ideale word maklik 'n verterende vuur wat jou opvreet. Waardeur jy jou taak

en roeping uit die oog verloor en waardeur jy met jou elmboë jou ambisie en ideale wil bereik, ten koste van ander. En dikwels ook ten koste van jou nederigheid, jou eerlikheid, jou fokus op die hier en nou, en jou fokus op dit wat die Here nou van jou verwag teenoor wat jou sondige menslike hart en brein jou laat doen.

VERWAGTING:

Die Here het nie aan sy kinders 'n veilige reis belowe nie, wel 'n behoue aankoms. Dit is die gelowige se enigste verwagting – 'n behoue aankoms. Hy hoef dit nie self te vermag nie; hy kry dit in sy slaap. Daarteenoor verwag die ongelowige niks na die dood nie en soek hy sy geluk in dit wat hy tydens sy lewe kan bereik. Daar is geen vergelyking nie. Tog is daar ongelukkig baie gelowiges wat hulle laat verlei om die wêreldse pad te kies. Eintlik ongelooflik.

ANDER AKTIWITEITE:

Behalwe jou loopbaan, is daar baie ander aktiwiteite en lewensterreine: kerk, gesin, familie en vriende, en ook ontspanning. Alles deur die Here gegee. En alles om in die lig van alle bostaande aspekte aandag aan te gee. Elkeen met sy eie plek. Allerlei omstandighede bepaal hoeveel aandag daaraan gegee kan word. As jou prioriteite en jou lewenshouding in die lig van Gods Woord reg is, sal jy ook weet watter aandag om daaraan te gee.

Die Here wil Hom laat dien deur ons werk. Daarom werk ons om die Here te dien. Ons werk ook nie om te lewe nie, want ons Vader sorg vir ons. Laat ons bid dat ons trou bly in ons roeping, op die plek waar Hy ons plaas.

Uit: Gereformeerde DinkDoen: normatiewe Maatskappyleer - AROS ☐

ONDERWYSKONGRES 2005

K Ijlst

GEREFORMEERDE SKOOL

In die winter in die Oos-Kaap, wanneer dit nog donker en koud is, begin baie mans die lang pad na hulle werk stap. Omdat dit so koud is, maak hulle af en toe 'n vuurtjie sodat hulle kan warm word. Voordat hulle verder stap pak elkeen gou 'n paar nuwe houtjies op, sodat die volgende persoon wat verby kom, nie weer 'n vuurtjie hoef te begin nie, maar dadelik kan opwarm. So vorm daar 'n hele ketting van vuurtjies wat deur almal onderhou en gebruik word. Hierdie voorbeeld is deur mnr. Erik v.d. Linden gebruik om te illustreer wat die doel van die samewerking tussen die verskillende gereformeerde laerskole van die Vrye Gereformeerde Kerke is.

Op 27 en 28 Junie 2005 het die personeel van drie skole van die Vrye Gereformeerde Kerke bymekaar gekom. Gereformeerde Laerskool Bellville was die gashere en die personeel van die Gereformeerde Laerskole Johannes Calvyn in Bethal en Pretoria het afgereis na Kaapstad. Die doel van die kongres was om te besin oor hoe ons mekaar as gereformeerde skole kan help.

Die eerste dag is begin met 'n bespreking oor die doel en die manier waarop 'n samewerkingsverband opgerig moet word. Ons is, as klein skooltjies, dikwels geneig om taamlik geïsoleerd te voel. Een van die groot voordele van die onderwyskongres is dat almal mekaar se gevoelens en probleme kon herken as hulle eie. Ons hoef nie meer elke probleem en vraagstuk self op te los nie, omdat ander skole dalk al reeds 'n oplossing gevind het. Almal het saamgestem dat nouer kontak baie belangrik is. Dit geld

nie net vir leerinhoud nie, maar ook vir sake soos finansies, studiebeurse, opleiding, ens. Daar is ook gepraat oor hoe die Internet gebruik kan word. Daar is maniere waarop almal hulle lesse op die Internet kan plaas, sodat ander skole daarvan gebruik kan maak. Daar is egter besef dat daar nog heelwat onderwysers-opleiding nodig is voordat ons op so 'n manier kan werk!

Nadat dit bespreek is, het mnr. Pieter Bisschoff, hoof van die gereformeerde skool Dirk Postma, 'n lesing gegee oor die roeping van gereformeerde onderwysers. Suid-Afrika se onderwys het in die afgelope jare drasties verander. Christelike onderwys word in baie gevalle aktief teengewerk. Die kurrikulum is pure humanisme. Die mens met sy regte en voorregte word in die middelpunt geplaas. Alle gelowe word op dieselfde lyn gesit en moet met dieselfde waarde aan die leerders voorgehou word. Dit word vir Christelike onderwysers moeilik gemaak om Bybelse norme en waardes aan die kinders te leer.

Daarom is daar gereformeerde skole opgerig, sodat die Woord van die Here as gesaghebbend aan die kinders geleer kan word en sodat alle vakinhoud 'n Christelike karakter kan dra. Om gereformeerde onderwys te gee, vra egter baie werk. Vanaf owerheidsweë word daar sekere basiese riglyne vir onderwys gegee. Ook gereformeerde skole moet binne die raamwerk werk. Die roeping van die gereformeerde onderwyser bestaan daaruit dat hy die verskil tussen wat God vra en wat die regering vra, kan aandui en dan volgens die Bybel se riglyne kan klas gee. Daar is 'n paar duidelike verskille. In die eerste plek leer die nuwe kurriku-



lum dat onderwys dat die kind in die middelpunt staan en dat hy begelei moet word om 'n gehoor-same en nuttige burger van die land te word. Die Bybel leer ons dat ook die kind in sonde ontvang en gebore is en dat hy begelei moet word om te verstaan dat hy deur genade in hierdie wêreld is. Hy moet dan ook as kind van God in hierdie wêreld woon en werk. Die taak van die gereformeerde onderwyser is om, saam met die ouers, die kind te leer om dit te verstaan.

Die tweede dag van die kongres is gebruik om vakgerigte besprekings te hou. Boeke en ander hulpmiddels is te voorskyn gehaal, vergelyk en bespreek. Die entoesiasme was duidelik sigbaar. Selfs in die pouses kon niemand oor iets anders as onderwys gesels nie! Een van die groot positiewe uitwerkings van die kongres is dat almal besef het dat ons tog nie die pad alleen loop nie. Daar is ander skole en ander onderwysers wat dieselfde probleme en dieselfde uitdagings het. Ons kon mekaar raad gee en bemoedig. Ons is die Here dankbaar dat Hy vir ons die geleentheid gegee het om met nuwe oë na gereformeerde onderwys te kyk en met nuwe entoesiasme weer aan die werk te spring.

Aan Laerskool Bellville se personeel en bestuur: baie dankie vir die harde werk wat julle gedoen het om die kongres 'n sukses te maak. Ons sien uit na volgende jaar se ontmoeting. ☐

TEOLOGIESE OPLEIDING IN 'n NUWE BAADJIE

Ds Pieter Boon

KERKLIKE LEWE

Dit is 'n feit dat daar deur die jare seuns is wat tot die besluit kom om teologie te gaan studeer. Ons sien dit nie as 'n toevalligheid nie. Die hele proses om tot so 'n besluit te kom, is die pad wat die Heilige Gees met so 'n seun loop. Soms staan dié besluit al vas vanaf laerskooltyd. Soms word dit eers duidelik terwyl hy reeds met 'n ander studie besig is. En by sommiges kom hierdie roeping nog later, terwyl hulle al aan die werk is in 'n ander beroep.

Nou is dit iets waarvoor die kerke baie dankbaar kan wees. Dat daar telkens weer seuns/mans is, wat besluit om hulle lewe hieraan te wy. Dit is inderdaad 'n begerenswaardige beroep. Tegelyk moet daarby gesê word dat dit nie 'n maklike beroep is nie. Dis 'n beroep waar die skouers swaar gelaai word met verantwoordelikhede. Nie vir niks is teologiese opleiding daarom een van die langste studies nie. Vir die meeste duur dit so 6 of 7 jaar, en soms nog langer.

Die feit dat daar 'n teologiese opleiding bestaan, is ook nie toevallig nie. Die kerke het onderling afgespreek dat dit vir hulle 'n prioriteit is dat daar teologiese studente is. Sien Kerkorde artikel 19: "Die kerke sal daarna strewende dat daar studente in die teologie is." Hieruit vloei voort dat die kerke ook gesamenlik sal sorg dra dat hierdie studente opgelei word. Tot 'n paar jaar terug het dit vir die Vrye Gereformeerde Kerkverband ingehou dat hulle hul teologiestudente, naas 'n plaaslike talestudie, oorsee gestuur het vir 'n deeglike Gereformeerde opleiding. In die jare negentig het die sinode egter besluit tot 'n eie Teologiese Skool (TS). Dit was deels vanweë die vooruitsig dat in die toekoms nie alle studente uit die kerkverband ewe maklik oorsee sou kon gaan stu-



deer nie. Daar is besluit dat predikante uit eie gelede die klasse op hierdie TS sou aanbied. Insidientel is daar ook gasdosente van elders uitgenooi.

Inmiddels is ons nou weer 'n paar jaar verder. En om 'n lang verhaal kort te maak, die werk-

likheid het uitgewys dat die 'bedryf' van 'n eie TS te hoog gegrepe is vir 'n klein kerkverband. Die las op die predikante was te swaar, naas hulle (meer as) voltydse werk in die gemeentes. Verder is dit 'n feit dat hierdie TS slegs voorsiening gemaak het vir die Afrikaanssprekende studente uit die kerkverband. Hierdie sake het die sinode, wat in Mei 2005 gehou is, onder andere daartoe gebring om te besluit om die TS nie meer in ongewysigde opset voort te sit nie. Verder het die sinode 'n deputaatskap ingestel om te ondersoek hoe die teologiese opleiding in die toekoms die beste vormgegee kan word. Die sinode het ook al rigtingaanwysers vir hierdie deputaatskap saamgegee, met die opdrag om dit in 'n konkrete voorstel uit te werk, en dit vervolgens op die tafel van 'n voortgesette sinode te bring, DV in Januarie 2006.

Om u 'n kort oorsig van hierdie 'rigtingaanwysers', haal ek die volgende aan uit die sinode se verslag:

- Die sinode verklaar dat dit die kerke se roeping is om die verantwoordelikheid tot die opleiding vir teologiese studente te aanvaar.
- Die sinode spreek sy dankbaarheid uit vir die vele werksaamhede wat verrig is sedert die instelling van die eie teologiese skool in 1997.
- Die sinode verklaar dat die struktuur soos dit vir die opleiding 1997 ingestel is, verander moet word.
- Die sinode besluit om na 'n nuwe struktuur toe te werk, in die vorm

van 'n predikante opleidingsinstituut met 'n voltydse direkteur onder die verantwoordelikheid van 'n raad aangestel deur die sinode. As begroning vir hierdie besluit word die volgende genoem:

- 'n volledige teologiese opleiding soos in die huidige formaat is bo die kerke se vuurmaakplek;
- 'n opleidingsinstituut sal meer haalbaar wees
- so 'n opleidingsinstituut kan 'n stap onderweg wees na 'n toekomstige volledige teologiese opleiding
- Vir hierdie doel stel die sinode deputate aan met die mandaat om:
 - duidelike planne uit te werk tot die daarstelling van 'n opleidingsinstituut, dit in oorleg met relevante institute elders
 - die finansiële implikasies vir die daarstelling van so 'n instituut uit te werk, asook die moontlikhede tot befondsing te ondersoek
 - 'n profiel op te stel van die persoon wat benodig word as direkteur van hierdie instituut, saam met 'n afgebakende werksomskrywing
 - 'n spesifieke persoon aan die voortgesette sinode, DV Januarie 2006, voor te dra om aangestel te word as direkteur van hierdie instituut

Met so 'n omvattende opdrag, en met net 'n paar maande om dit te doen (rofweg Junie tot November), het die deputaatskap maar vinnig aan die werk gespring. Hieronder volg 'n kort oorsig van waarmee ons op die oomblik besig is. Die feit dat ons u hiervan op die hoogte stel, is nie toevallig nie. Dis is van die grootste belang dat die saak van teologiese opleiding deur die kerke gesamentlik en lojaal gedra word. Wanneer dit so is dat die opleiding slegs deur 'n deel van die kerke gedra word, het dit nie 'n slaagkans vir die toekoms nie. Dit is 'n groei-proses om te kom tot 'n passende

teologiese opleiding, en hoe meer mense daarby hulle insette lewer, hoe beter. Dit is ons bedede dat wanneer die sinode in Januarie tot 'n besluit kom insake teologiese opleiding, dit deur alle kerke op die hart gedra sal word. So iets kan nie deur 'n stemming bereik word nie, maar slegs deur 'n proses waardeur die kerke gesamentlik tot 'n konsensus te kom.

Op die oomblik is deputate onder andere besig om kontakte te lê met soortgelyke institute oorsee. Om 'n voorbeeld te noem: die *Orthodox Presbyterian Churches* in Noord-Amerika, 'n kerk wat in leer en lewe baie na aan ons staan, het wat hulle noem 'n *Ministerial Training Institute*. Dit beteken dat hierdie kerke dus nie 'n volledige 6 of 7-jaarse teologiese opleiding aanbied nie. Studente studeer aan universiteite of seminaries van andere kerke. Wel word hierdie studente intensief begelei deur mentors uit hulle eie kerk. Aan die einde van hulle opleiding aan ander instellings volg hulle dan 'n afronding van 'n jaar by die *Ministerial Training Institute*. Tydens hierdie jaar word daar spesifiek aandag bestee aan tekortkomings in hulle studiepakkette. Op dié wyse word hulle spesifiek voorberei om te kan dien in die kerkverband van die *Orthodox Presbyterian Churches*.

Nou is so 'n predikante opleidingsinstituut ook iets wat veel meer haalbaar en realisties behoort te wees vir 'ons' kerkverband. Daarom dat deputate nou intensief ondersoek doen na hierdie opset. Konkreet hou dit in dat daar een voltydse persoon aangestel gaan word as direkteur van die opleidingsinstituut. Met opset word hy 'n direkteur genoem en nie 'n dosent nie, aangesien dit nie sy taak gaan wees om alle klasse aan te bied nie. Inteendeel, dit gaan juis sy taak wees om vir elke aspirant student 'n opleidingstrajek saam te stel. Dit sal gedoen word hetsy deur hierdie student vir geruime tyd uit te bestee aan 'n teologiese instelling hier in Suid-Afrika. Hetsy deur hom hier in Suid-Afrika vakke te laat volg by oorsese instellings gebruikmakende van die toepassings van internet, 'e-learning', telematiese

onderrig of hoe mens dit ook wil noem. Hetsy deur dosente van buite af in te kontrakteer om plaaslik 'n blok lesings te kom aanbied. En miskien is daar nog wel meer moontlikhede waarop die direkteur sal afkom. Verder sal dit ook sy taak wees om die studente te begelei in hulle studieloopbaan, asook kontak te onderhou met die mentore wat in die plaaslike gemeentes vir die studente aangestel sal word. As afronding sal daar dan, vir sover van toepassing, 'n gesamentlike jaar vir alle studente aangebied word.

Is daar vir hierdie taak wel 'n voltydse direkteur nodig? Ja beslis, die ervaring met die Teologiese Skool tot dusver het uitgewys dat dit baie tyd in beslag neem, wil mens dit grondig en op verantwoorde wyse doen. Tyd wat op die oomblik van die ander werksaamhede van gemeentepredikante en sendelinge afgetrek word.

Dit bring ons by die volgende vraag: wie gaan eintlik die opleidingsinstituut betaal? Naas die bydraes wat huidiglik vir die TS deur die kerke afgedra word, sal dit met name fondse vanuit die sending se kas was. Om eerlik te wees, heelwat meer as die helfte van die onkoste sal deur die sending gedra moet word. Maar is dit wel eerlik dat die sending met sy fondse – wat groten-deels uit Nederland afkomstig is – sal moet betaal vir die opleidingsinstituut van die Vrye Gereformeerde Kerke? Dat die antwoord hierop oortuigend positief is, word duidelik as daar na die huidige opset in die sending gekyk word. As mens globaal na die afgelope jare kyk, is dit so dat gemiddeld 1,75 sendelinge (van die 5) direk betrokke is by teologiese opleiding. 'n Opleidingsinstituut sal daarom juis die las op die sendelinge se skouers om direk opleiding te gee verlig. In die sin sal die sending juis by 'n goed funksionerende opleidingsinstituut veel baat vind. Verder moet gemeld word dat die nie slegs 'n 'guns' van die sending sal wees om te help by die finansiering van teologiese opleiding nie. Dit is onderdeel van hulle strategie na die toekoms toe. Goed opgeleide manne vanaf die sendingsveld is onontbeerlik vir die welslae

van die sending op lang termyn. Op die oomblik is dit so dat die grootste deel van die teologiese studente uit die kerkverband van die sendingsveld afkomstig is, te wete 4 uit Soshanguve en Mamelodi, en 3 uit die Kaap.

KONKLUSIE

Die teologiese opleiding dus in 'n nuwe baadjie? Aan die een kant ja. Want die voorgestelde predikante opleidingsinstituut sal in die eerste plek vir alle studente wees, maak nie saak of hulle Afrikaans, Sotho of wat ook al praat nie. In die tweede plek sal dit kleinskaliger wees. Want onder toesig en begeleiding sal die studente hoofsaaklik gebruik maak van ander opleidingsinstansies. Die las op die skouers van die predikante en sendelinge in die kerkverband sal dus aansienlik minder word. En in die derde plek sal daar veel intensiewer gebruik gemaak word van die tegnologiese moontlikhede, soos video, internet, e-pos, en die toekoms miskien wel 'skype', 'web-cams' of watter moontlikhede daar beskikbaar kom.

Maar aan die ander kant bly dit, uit 'n prinispiële hoek beskou, dieselfde baadjie. Die visie agter die Teologiese Skool om 'n opleiding te wees van die kerke, vir die kerke en deur die kerke, bly ongewysig. Dus 'n toekomstige predikante opleidingsinstituut sal ook wees van, vir en deur die kerke. Hopelik dat so 'n instituut vir die komende jare 'n baadjie sal wees wat die kerkverband beter pas. En mog die Here die kerkverband seën met veel groei in die toekoms, bestaan die moontlikheid altyd om dan die instituut uit te brei na (weer) 'n volledige opleiding. In afhanklikheid van Hom gaan ons die toekoms tegemoet, in die hede as kerke ons verantwoordelikhede – ook op teologiese gebied – nakomende met die middele wat God ons geskenk het.

Mense met idees wat hulle graag onder die aandag van die deputate teologiese opleiding wil bring, is welkom om dit te doen. Die sekretaris van die deputaatskap is ds. Mendel Retief (tel: 011-362-1698. E-pos: mendel.retief@reformasie.co.za ✉

DIE BRIEF AAN FILÉMON

Ds RM Retief

VENSTER OP DIE BYBEL

CHRISTUS VOEG 'N SLAAF BY SY GEMEENTE

Die apostel rig die brief aan meer as net 'n individu; dit word ook aan die gemeente gestuur. Die brief self is 'n kragtige demonstrasie van die liefde wat Christus in ons harte uitstort, en 'n oproep om 'n bekeerde slaaf van harte te vergewe en hom sonder voorbehoud in die gemeenskap van die heiliges op te neem.

Die slaaf Onésimus het van sy heer weggeleop. Hy het geen reg daartoe gehad nie, ook geen rede nie. Want sy heer was die gelowige en geliefde Filémon. Deur uit 'n gelowige huis weg te loop, sny hy homself af van die verbondshuis waarvan hy deel was. Deur sy eie ontrou vlug hy weg van die huis waar hy die evangelie tot sy redding kon ontvang. En hy beroof boonop sy meester.

Sy getuigskrif lyk nie goed nie. Hy is 'n slaaf. Dit is die laagste stand in die samelewing. Maar hy is boonop 'n ontroue slaaf. En 'n dief. Die Here beskik dit egter dat hierdie slaaf, Onésimus, die apostel Paulus ontmoet en deur sy bediening tot geloof kom. En nou skryf die apostel Paulus aan die slaaf se heer, Filémon, om die slaaf tog te vergewe en hom weer terug te ontvang.

NEEM HOM AAN SOOS MY EIE HART

Dit is 'n geweldige groot voorreg om die evangelie aan iemand te bedien; en onbeskryflike genade wanneer die Here dan ook jou bediening van sy Woord seën sodat 'n verlore siel tot geloof en bekering kom. Elkeen wat dit beleef het, ken ook die liefde wat daar dan by jou ontbrand vir die bekeerling. Jy wil hom beskerm en help met alles in jou vermoë. Jy bid vir hom, jy is besorg oor hom. En dit is met hierdie liefde wat die apostel Paulus vir Onésimus pleit. Die apostel is besorg daarvoor dat Filémon sy slaaf volledig sal vergewe, sodat Onésimus – jonk en

teer in die geloof – nie dalk moedeloos raak nie. Die apostel is besorg daarvoor dat hierdie slaaf volledig en van harte in die gemeente opgeneem sal word.

“... Ek, Paulus, ... pleit by jou vir my kind, Onésimus, wat ek verwek het in my boeie ...” (:9,10). Die geloof bind saam. Paulus skaam hom nie om nou vir 'n slaaf by Filémon te pleit nie. Hy noem Onésimus selfs sy kind en sê verder: “... neem jy hom, dit is my eie hart, aan” (:12). Die apostel se nederige liefde is nêrens duideliker as in hierdie pleitrede aan Filémon nie. Wat Filémon aan die slaaf gaan doen, sal hy aan Paulus se eie hart doen.

EERS NUTTELOOS, MAAR NOU BAIE NUTTIG

Onésimus was eers 'n nuttelose slaaf. Hy het nie die belange van sy heer op die hart gedra nie. Maar nou sal hy, deur die geloof in Christus, 'n baie nuttige slaaf wees, diensbaar en betroubaar. Dit is die bedoeling as die apostel praat van Onésimus “wat vroeër vir jou nuttelos was, maar nou baie nuttig vir jou en vir my” (:11).

Die naam Onésimus beteken “nuttig”. Maar nou sal hy vir die eerste keer waarlik nuttig en bruikbaar wees, noudat hy 'n Christen is.

Onésimus het nou geword wat die apostel in Kol. 3:22-24 beveel: “Diensknegte (of: “slawe” soos ons die Griekse teks kan vertaal), julle moet julle Here (base/eienaars) na die vlees in alles gehoorsaam wees, nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar in eenvoudigheid van hart, omdat julle God vrees. En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, omdat julle weet dat julle van die Here die erfenis as vergelding sal ontvang, want julle dien die Here Christus”.

Ook die slaaf wat tot geloof kom, doen sy slawewerk tot eer van Christus. Sy slawewerk word deel van sy geloofslewe. Hy doen dit nou getrou, want selfs die nederigste taak wat hy verrig is sy opregte diens – nie net aan sy aardse meester nie – maar aan Christus.

MÉÉR AS 'N SLAAF

“... miskien is hy om hierdie rede 'n tydjie van jou geskei, dat jy hom vir altyd kan besit, nie meer as 'n slaaf nie, maar méér as 'n slaaf, as 'n geliefde broeder ...” (:15, 16). Die apostel sien die Here se hand in die gebeure. Op sigself is dit hartseer gebeure, maar die Here beskik dit tot Filémon se beswil. Sy slaaf het hom skade aangedoen en van hom weggeleop, maar deur die geloof wys die apostel hom die ewigheidsperspektief: die Here het jou slaaf 'n kort tydjie van jou weg-geneem, sodat jy hom vir altyd sal besit, nie meer as 'n slaaf nie, maar méér as 'n slaaf: as 'n geliefde broeder!



In die eerste eeu is daar swaar straf opgelê vir slawe wat weggeleop het. Paulus se brief aan Filémon is 'n pleidooi vir toegeeflikheid aan sy slaaf Onésimus. Die disket is 'n Romeinse slawewapen waarop die volgende woorde gestaan het: “Vang my as ek probeer vlug, en stuur my na my meester terug.” (Uit: Leer die Bybel beter ken - Mary Batchelor)

Dit is nie 'n ligte onnadenkende aanbeveling nie. Die slaaf wat eertyds te sleg was om waarlik vir Filémon tot nut te wees, het werklik tot bekering gekom. Die apostel kan hom sonder enige voorbehoud 'n geliefde broer in die Here noem. Daar het 'n wonder plaasgevind. Onésimus is 'n ander mens. En daarom kan Paulus by Filémon pleit dat hy Onésimus as sy slaaf sal terugneem. Maar moet hom nie ontvang asof hy maar net 'n slaaf is nie, ontvang hom ook as 'n geliefde broer in Christus.

Let daarop dat die apostel nie ontken dat Onésimus nog steeds Filémon se slaaf is nie. Hy pleit ook nie by Filémon om Onésimus vry te stel en sy slawediens te beëindig nie, maar om sy slaaf te ontvang as 'n broer in die geloof. Dat die apostel nie Onésimus se vrylating in gedagte gehad het nie, word nog verder bevestig as ons dit vergelyk met sy ander uitsprake. So skryf hy byvoorbeeld aan Timótheüs: "Almal wat diensknegte (die Grieks sê: slawe) is onder 'n juk, moet hulle eie Here alle eer waardig ag, sodat die Naam van God nie belaster mag word nie. En die wat gelowige Here het, moet hulle nie verag omdat hulle broeders is nie, maar moet hulle des te meer dien, omdat hulle wat die weldade ontvang, gelowiges en geliefdes is. Leer hierdie dinge en wek daartoe op" – 1 Tim. 6:1,2.

Onésimus se bevryding is veel beter. Hy is bevry van sy slawerny aan sonde. In dáárdie opsig is hy nou nie meer 'n slaaf nie, maar 'n vry man. Wat sy verpligting teenoor sy eienaar, Filémon, betref, kan hy

dit nou met blymoedigheid en van harte doen, soos vir die Here. 'n Nuttige slaaf vir Filémon, maar méér as dit: ook sy geliefde broer in Christus.

Die apostel se pleitrede is nie sonder gesag nie. Hy skryf met God se gesag. Dit is bevele van die Here. Maar, sê hy reeds in verse 8 en 9, al kan hy met gesag beveel wat betaamlik is, pleit hy liever ter wille van die liefde. Filémon is reeds daarvoor bekend dat hy die harte van die heiliges verkwik, hy is reeds bekend vir sy geloof en liefde teenoor die broeders. Daarom spreek die apostel hom nie aan as iemand wat gedreig moet word nie, maar pleit hy eerder by Filémon om nou ook dieselfde liefde aan hierdie slaaf te bewys as wat hy tot dusver aan al die heiliges bewys het – al het die slaaf hom ook voorheen veronreg en beroof. Ontvang hom nou terug as 'n geliefde broer in die geloof.

Die apostel spreek ook ons aan. Want watter hoogmoed sou dit wees as ons weier om diegene as ons broers te erken, wat deur God waardig geag word om sy kinders genoem te word! Wie dit ook al mag wees, wat sy stand en status ook al is, moet ons God se kinders as geliefde broers in die gemeente ontvang. Wat hulle verlede ook al was, hoeveel skade hulle ons ook al aangedoen het, ontvang hulle nou as geliefde broers in die gemeenskap van die heiliges, want Góð het aan hulle bekering geskenk.

SIT SY SKULD OP MY REKENING

Die apostel se liefde vir die bekeerling is so groot dat hy self by

Filémon wil instaan vir enigiets wat Onésimus dalk van hom gesteel het. "... as hy jou benadeel het of iets skuld, sit dit op my rekening – ek, Paulus, het dit met my eie hand geskrywe: ek sal betaal ..." (:18, 19).

Sy besorgdheid is dat Onésimus sonder voorbehoud in die gemeenskap van die heiliges opgeneem sal word. Hy pleit vir volledige kwyt-skelding. Laat hy, Paulus, eerder by Filémon in die skuld wees, sodat Onésimus, die slaaf, vry van skuld kan wees.

Die broederliefde is nie net met die mond nie. In die haglike omstandighede waarin Paulus self verkeer, is hy nog meer as bereid om selfs vir 'n slaaf in te staan.

Hy sê dit nie asof Filémon onwillig sal wees om te gehoorsaam en die broederliefde te betoon nie: "... ek weet dat jy nog meer sal doen as wat ek sê" (:21). Die liefde hoef nie gedwing te word nie. Maar ter wille van 'n slaaf wat tot geloof gekom het, maak die apostel dubbel seker dat die vergewing en aanvaarding volkome sal wees. Die brief is ook aan die gemeente gerig (:2, 25). Neem Onésimus aan.

Dit is Paulus se liefde vir 'n eenvoudige bekeerling wat deurgaans spreek, 'n liefde waardeur hy die slaaf hoër stel as homself en alles in sy vermoë doen om te verseker dat Onésimus sonder verandering en van harte opgeneem sal word in die gemeenskap van die heiliges. Dit is nie die vryheid, gelykheid en broederskap van die humanis nie, ook nie bevrydingsteologie nie, maar die ware broederskap in Christus wat bepleit word. ☩



Temas wat in die volgende maande in *KOMPAS* bespreek gaan word:

Oktober 2005: Verdraagsaamheid

November 2005: Ander se kinders, ons sorg

Desember 2005: God met ons

HUISWERK: 'n BYBELSE UITKYK

W Hoogendyk

LEWE MET GOD

Mnr W Hoogendyk is 'n onderwyser aan die *Christian School* in Carmen, Manitoba. Hy het baie geworstel met vroe om trent die waarde van huiswerk, doen van take en nasien van al die werk. Hy het hierdie artikel geskryf vir die *Clarion*, uitgegee deur die *Canadian Reformed Churches*, n.a.v. Margy Tripp se boek *Shepherding a child's Heart*. Haar standpunte is verstandig, goed gefundeer en uit 'n goeie Bybelse perspektief.

Ongetwyfeld sal die opskrif van hierdie artikel u dwing om dit neer te sit en te gaan kyk of u kind met sy/haar huiswerk besig is. Huiswerk kan ouers, leerders en onderwysers regop laat sit. Dit is dikwels te moeilik, te vervelig en baie tydrowend. Ouers moet ook oor hul kinders se skouers loer om te verseker dat huiswerk gedoen is en dikwels rondskarrel vir inligting en materiaal vir hul kind se take. Onderwysers het die plesier om take te beplan, seker te maak dit word gedoen en dan te merk wanneer dit ingehandig word. Dit wil dan voorkom dat huiswerk baie wreed is. Hoe kan ons dan 'n Bybelse perspektief oor huiswerk kry?

ENERGIE AANGEWEND VIR EWIGE GEWIN

Ons kan sien dat die Bybelse perspektief vorm begin aanneem, wanneer ons begin om ons waardes in ag te neem. Is ons geestelike waardes of ons aardse waardes en plesiere prioriteit in ons lewe? Jaag ons deur ons daaglikse pligte om die lewe daar buite te gaan geniet? Of neem ons ons tyd om die werk te doen met die verstandhouding dat die wêreld van geestelike realiteite ook van toepassing is op take soos huiswerk? Verstaan ons dat God huiswerk gee as deel om Hom te dien? Op skool leer ons nie om geld te maak, mag te bekom, status te verwerf of hoog geag te word nie. Sommige van hierdie kan die resultaat van skoolgaan wees,

maar dis nie hoekom ons leer nie. Ons leer omdat ons geroep is om te leer. Ons moet ons resultaat insien uit die gedeelte van Kolossense 3:23: **“En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie.”**

Nou begin ons verstaan hoe ons ons energie moet aanwend. Margy Tripp sê: “Mag ek die standpunt inneem dat die energie wat ons verbruik vir ewige gewin van beter waarde is as net 'n gewerk om dinge op te gaar wat gaan eindig in 'n “afgrond”?” Kolossense 3 is hier weer 'n groot aanmoediging. Christus moedig ons ook aan om skatte bymekaar te maak in die hemel en nie op aarde nie, “want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees”(Matt. 6:21)

HOE BENADERONS DIE UITDAGING?

Ouers en onderwysers moet hul verantwoordelikheid teenoor hul kinders en studente besef. Hulle moet die lewensveranderende waarheid van die evangelie soos dit van toepassing is op huiswerk demonstreer. Studente moet die uitdaging van huiswerk aanvaar en dit met goddelikheid benader, met geloof en die verwagting dat hulle alles kan doen deur Christus wat hulle krag gee.(Fil. 4:13). Met huiswerk en al die ander aktiwiteite op skool moet die studente wys dat hulle God ken en lief het.

Die uitdaging van werk deur huiswerk bly. Ons sal verseker getoets word deur sekere aktiwiteite en projekte en opdragte. Studente kan gerus gestel word deur die feit dat in al hierdie pogings, hulle hul ook kan wend tot dieselfde God en Vader wat hul belowe het dat geen haar van hul kop sal val sonder sy wil nie. So ook die dinge wat ons as te gering bestempel om aan Hom op te dra. Hy beveel ons om te kommunikeer in die gebed.



DEUR HUISWERK, WORD KINDERS GEDISSCIPLINEERD

Margy Tripp noem dat huiswerk ook 'n manier is om ons kinders te dissiplineer. Ouers kan aan hulle kinders 'n wêreldse Christelike uitkyk aanleer. Sy verduidelik dat ons ons kinders dissiplineer deur aan hulle Bybelse vashouplek te gee d.m.v. beginsels en konkrete dinge waaraan hulle kan vashou in die lewe.

Eerstens moet die kinders die groter prentjie raaksien. Hulle moet huiswerk sien as iets wat hulle uit God se hand ontvang het en hulle moet so ook die verantwoordelikheid aanvaar. Met die voltooiing van huiswerk sal hulle die goddelike kwaliteite van geduld, uithouvermoë en ywer besef.

Tweedens is dit nodig dat die leerder 'n gedagte verwisseling ondergaan. Dit word geopenbaar in die huiswerk met die houding wat ons het om dit klaar te kry, as ouers, onderwysers en die student. Gebruik ons omkoop taktiek, dreigemente of gaan ons ooreenkomste aan om ons kinders te motiveer? Of kry ons hulle sover om huiswerk te verstaan uit 'n Bybelse perspektief? Wanneer studente jok, luiheid openbaar of onverantwoordelik is, is dit beslis 'n getuigenis dat sy/haar houding en siel nog nie na God se wil verander het nie.

Die derde punt is die moeilikste. Tripp doen 'n beroep op ouers om uit te leef waarin hulle glo en om hul kinders te motiveer om ook so

te leef. Kinders na-aap hul ouers se gedrag en prioriteite. Gevolglik moet ons altyd die groter prentjie weergee en ook wys dat ons 'n sielsverandering ondergaan het. Tripp herinner ons aan 2 Tim. 3:5: "Mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloor het. Keer jou ook van hierdie mense af."

Die finale geestelike punt is gebed en danksegging. Hierdie is die mees essensiële vir enige vorm van sukses. Kyk na Paulus se woorde in Fil. 4:4-9 waar hy baie reguit praat oor die versoeke wat ons tot God rig in alles, veral met danksegging (thanksgiving.). U kan gerus die hele Fil. 4 lees om die getuienis van 'n veranderde gees te sien.

Hoe pas ons die beginsels in die praktyk toe? Margy Tripp gee ons baie eenvoudige, redelike en essensiële voorstelle hoe om in die praktyk dit na te volg.

- moedig helder denke en insig en goeie oordeel aan
- leer kinders om te kommunikeer met hul onderwysers en om bronne te gebruik wat tot hulle beskikking is
- daarstelling van 'n goeie en realistiese skedule of program wat eerder 'n kind sal help as om hom/haar te straf.
- die roosters moet alle aktiwiteite bevat en aangeleenthede soos kerk funksies, katkisasie en Bybelstudie moet prioriteit geniet.

KRY SKOOLWERK GEDOEN

Het Margy Tripp te ver gegaan in haar analise van hierdie saak? Is huiswerk so 'n ernstige saak? Dink dan weer oor wie hierdie take vir ons gegee het. Wat is die student se daaglikse taak en roeping? Dit is om student te wees. Die werk wat met student wees gepaard gaan, moet prioriteit geniet, want dit is 'n roeping van God in hierdie spesifieke tyd van jou lewe. Deeltydse werk, buitemuurse aktiwiteite en persoonlike genietinge moet nie jou geroepe prioriteit oorskadu nie. Die fokus moet wees om huiswerk te doen met 'n houding wat God sal behaag.

Vertaal deur sr Petro Hofsink ✠

SEKSUALITEIT EN HUWELIKSVORBEREIDING*

Ds. E Viljoen

BOEKBESPREKING

Dit kan nogal as 'n skok op 'n ouderling afkom wanneer hy op huisbesoek agterkom dat van die lidmate in sy wyk saamwoon. Nie alleen die saamwoon as sulks is die grootste skok nie. Ons beseft immers dat liggaamlike aantreklikheid 'n groot krag is wat onder bepaalde omstandighede moeilik teëgestaan kan word. Die keur van argumente wat sulke paartjies dikwels vanuit die Bybel aangee om hul lewenstyl mee te verdedig, laat 'n groter indruk. Dit kan tog nie verkeerd wees nie, want dit voel so goed. Ons is nou gelukkig en dit is tog die wil van die Here dat ons gelukkig moet wees. Ons liefde is tog 'n privaat saak waarmee die samelewing en die kerkraad eintlik niks te doen het nie.

DIE BYBEL OOP OOR SEKSUALITEIT

Ek skryf hierdie boekbespreking met groot graagte. Óók omdat ek baie bly was met die verskyning van 'n boek wat die Bybel wil laat oopgaan oor seksualiteit en huweliksvoorbereiding. Dit is inmiddels reeds drie jaar gelede dat die boek se eerste druk verskyn het. Ek skryf die bespreking nie bloot omdat ek bly is oor die verskyning van die boek nie. Noodgedwonge moes juis ék dit doen. Nie omdat ek dit

beter as soveel ander sou kon doen nie. Dit is glad nie die geval nie, maar ek kon eintlik nie iemand vind wat gewillig sou wees om dit te doen nie. Nee, dit is nie omdat enigeen wat ek benader het, probleme het met die standpunte wat ds De Boer in die boek inneem nie. Die manier waarop ds De Boer oor hierdie tere onderwerp skryf, is egter so "oop". Vir sommige té oop. Nie omdat ds De Boer nie met groot sensitiviteit oor die onderwerp skryf nie. Volgens my het hy presies die regte toon getref. Maar dit is net te "oop" vir menige om self in dieselfde trant 'n bespreking van die boek te gee.

Hierdie dinge skryf ek, nie om aan my potensiële medeskrywers enige onreg te doen nie. Inteendeel, ek het waardering vir die gevoeligheid vir die onderwerp by hulle. Só voel ek ook. Maar ek voel wel dat hierdie só 'n tydige en noodsaaklike boek is, dat ons nie mag nalaat om dit openlik aan te beveel nie. Dit is 'n boek wat werklik "oop" is. Oop in die sin van eerlik. Eerlik, omdat dit opreg wil praat oor die vrae en werklikhede waarmee (veral ongetroude) jongmense sit. Vir my is die belangrikste kenmerk van die boek dat dit nie maar net die jongmense reguit aanspreek nie. Dit is veral 'n boek wat geskryf is met 'n oop Bybel byderhand.

Laasgenoemde kan so vanselfsprekend klink wanneer ons dit het oor die boek van 'n gereformeerde dominee. Wanneer ds De Boer egter sy boek die titel "De Bijbel open over vrijen" gee, dan doen hy ook werklik die titel gestand. Hy laat nie maar 'n paar vae waarskuwings hoor waarmee ons as ouers dikwels ons seksuele begeleiding van ons kinders as afgehandel beskou nie. Hy laat veral duidelik sien dat Christelike etiek insluit dat ons op 'n baie verantwoorde manier moet omgaan met wat óók die Ou Testament ons te bied het.

WEET WAT GOD WIL

Waar in die Bybel staan dit dat jy nie voordat jy getroud is, saam bed toe mag gaan nie? Dit is tog wat Christene sê – seksuele omgang voor die huwelik is nie goed in God se oë nie. Dit het te doen met 'n lewenstyl wat ons in die kerk geleer het. Tog gaan juis hierdie lewenstyl haaks staan op wat ons in die praktyk ervaar. Wanneer jy lief is vir mekaar, voel jy tog ook liggaamlik tot mekaar aangetrokke. Dit is nie verkeerd nie, maar selfs mooi! So het ons Vader ons gemaak. Kan dit dan wees dat iets wat goed voel, verkeerd kan wees?

Met hierdie probleemstelling begin ds De Boer sy invalshoek. Ek vind dit baie mooi. Hy wil ons inlei in die onderwerp met die eerlike Christelike begeerte om te gaan soek na wat God wil. Ons kan nie met 'n klomp waarskuwings oor seksualiteit volstaan nie. Wat ons jongmense nodig het, is om die wil van God oor seksualiteit te ken. Dán eers bied ons werklik hulp. En dit help veral wanneer ons vanuit die Skrif kan laat sien waarom die Here nie wil hê dat ons voortydig wil geniet wat in die huwelik self hoort nie.

Dit is nie oorbodig dat ds De Boer ons waarsku dat die Bybel geen ensiklopedie is oor vroeë rondom seksualiteit nie. Jy kan nie onder "S" iets opslaan oor "saamslaap" of "seks" nie. Die Bybel laat ons verstaan hoe God met mense wil leef. Die Bybel wil ons laat sien dat God met mense 'n weg gaan. Dan wil die Bybel ons veral laat kyk na Jesus Christus. Hy is die Een wat ons in die hart van God laat kyk. Nie net oor die vergifnis wat daar vir ons sondes is nie, maar Hy wil ons ook laat verstaan wat God se hartewens vir ons is.

ISRAEL EN ONS

Die Here se hart het nie vir die eerste keer oopgegaan toe Christus op aarde was nie. Die volk Israel kon deeglik weet wat God se wil vir hulle lewe was. Ook wat seksualiteit betref. Ek vind dit een van die sterk punte van ds De Boer se boek dat hy die belangrikste gegewens uit die Ou Testament deeglik van toepassing wil maak op die lewe in Christus se gemeente vandag. Die vraag by die wette van Israel is dan nie: "Wat het hierdie ou wette met my te doen?" nie, maar die groot vraag is: "Wat het Christus, die Heiland, met my te doen?". Die vraag by die lees van die Ou Testament is daarom ook: "Wat vertel die wette ons oor die Here Jesus?" Ook ons seksualiteit kom danksy Christus in 'n suiwer lig te staan. Saam met Hom kan ons werklik in die lig van God se genade lewe.

VERLEIDING OF VERKRAGTING?

In die hoofstuk met bostaande titel kom 'n belangrike hoofstuk uit Deuteronomium in ds De Boer se boek ter sprake. Hy beskryf hoofstuk 22 van Deuteronomium as 'n hoofstuk wat vyf valkuile ter sprake bring.



Valkuile wat glad nie so ver van ons daaglikse belewing is nie. Die eerste geval (Deut. 22:13–21) beskryf 'n jong vrou wat deur haar man daarvan beskuldig word dat sy nie as 'n maagd die huwelik ingegaan het nie. Hy konfronteer haar met die beskuldiging dat sy voor hulle huwelik gemeenskap met 'n ander man gehad het.

Die tweede geval (vs. 22) beskryf 'n man en 'n getroude vrou wat in owerspel betrap word. 'n Derde situasie (vs. 23-24) kom voor wanneer 'n verloofde meisie êrens in die stad betrap word dat sy gemeenskap met 'n ander man het. Dit word as owerspel beskou. Verkragting word beskryf wanneer 'n man met 'n verloofde meisie buite die stad gemeenskap het waar niemand haar kan hoor roep nie (vs. 25-27). 'n Laaste geval handel oor 'n ongetroude meisie wat gemeenskap het met 'n man uit vrye wil. Hulle moet trou (vs. 28-29).

Met groot sensitiwiteit beskryf die outeur hoe hierdie situasies parallelle vind in ons lewe van vandag. Die wette van die Ou Testament word afgestof tot skynende ligte vir ons lewe met mekaar vandag! Aan die einde van die hoofstuk word 'n balans opgemaak van wat ons uit Deuteronomium 22 in hoofsaak leer t.o.v. seksualiteit. Die waarde van 'n meisie se maagdelikheid word hoog geskat. Dit is haar eer. Die duidelike rol van die ouers ten opsigte van die meisie word duidelik aangedui. Die groot verantwoordelikheid van die man word onderstreep, vanweë sy fisiese krag waarmee hy kan oorweldig. Die wet van die Here neem duidelik die meisie in beskerming. Sy word beskerm teen misbruik, verleiding en verkragting.

Wanneer ons hierdie gegewens op ons laat inwerk, kry ons deeglike stof tot bespreking oor die onderwerp "saamwoon"!!

TUSSEN LIEFKOOS EN GEMEENSAP

In 'n laaste hoofstuk word ingegaan op konkrete vrae wat jongmense dikwels het oor hoe ver gegaan mag word in hul liefkosing van mekaar voordat daar in die huwelik plek kan kom vir die volle liggaamlike gemeenskap met mekaar. Op 'n mooi manier laat ds De Boer sien hoe verre gaande liefkosing van mekaar 'n boodskap aan die ander gee. 'n Belofte van geborgenheid en beskerming. Hierdie belofte kan egter nie nagekom word sonder dat ons volle verantwoordelikheid vir mekaar as man en vrou neem nie.

'n Ander vraag wat kortliks, maar helder, beantwoord word, is: "As ons te ver gegaan het, is ons dan al man en vrou?" Saam met hierdie vraag hang ook die volgende: "Is seksuele sondes erger as ander sondes?" Wanneer ek sê die skrywer slaag daarin om helder antwoorde te gee, dan bedoel ek nie dat sy antwoorde altyd klinkklaar uitgespel is en dat 'n voorskrif maar net nagevolg kan word nie. Ds De Boer laat nou juis sien hoe daar met groot omsigtigheid oorweging gegee moet word aan die rykdom van Skrifgegewens en dat deel van daardie Skrifgegewens ook die Skrif se oproep is om wys te wees. In menige geval sal met groot wysheid besin moet word oor wat die wil van die Here binne 'n spesifieke situasie is.

Ek weet ek laat u met talle vrae. Ek het ook nie bedoel om ds De Boer se boekie oor te skryf nie. Ek wou u alleen maar aanmoedig om dit te lees. Eerstens die jongmense self wat die Nederlands kan baasraak. Maar geen ouer of grootouer is te oud vir hierdie boekie nie. Wat 'n rykdom aan inhoud gee dit ons om saam met ons kinders oor te gaan besin, en kerkrade sal met hierdie boekie in die hand wyse pastorale leiding aan die kerkjeug kan en moet gee.

* Bekendstelling van: De Boer, EA De bijbel open over vrijen – Over seksualiteit en huwelijksvoorbereiding ▣

LITURGIE

- Alles deel van een gebrandskilderde venster

H. Walinga

LITURGIE

Ons het in die afgelope artikels hier en daar aandag bestee aan die samehang tussen die verskillende onderdele van die liturgie, maar nie sodanig dat die hele kerkdiens as 'n geheel voorgestel word nie. Daarom wil ek in hierdie artikel probeer om die verskillende stukkie saam te voeg. In die eerste artikel het ek verwys na die gebrandskilderde glas-in-loodvensters wat mens dikwels in ou katedrale kry. Al die klein stukkie glas vorm saam 'n uitbeelding. Ook die onderdele van die liturgie kan mens saamvoeg tot een groot glas-in-loodvenster waardeur die lig van God se genade na binne skyn.

Ek wil begin met die woord liturgie. Toe ek lang gelede in die liturgiekommissie van ons gemeente gesit het, het ons ons eers besig gehou met die definisie van die woord liturgie. Dit was nie so maklik nie, elke boek het dit weer anders geformuleer. Die woordeboek het 'n taamlike koel beskrywing gegee: "Die geheel van voorgeskrewe gebede, seremonies en handeling wat saam die erediens vorm." Kerklike publikasies het dit minder saaklik beskryf: "Die manier waarop daar vorm gegee word aan die ontmoeting tussen God en sy gemeente." Ons was beïndruk met die manier waarop die Hervormde sinode in 1950 dit geformuleer het: "Die samekoms van die gemeente van Christus vra na 'n op grondslag en doel verantwoorde orde, sodat, waar dit God se wil is om vir sy Naam 'n gedagtenis te stig, ons die Naam met eerbied aanroep."

Die Here wil gedagtenis stig. Die beteken nie net dat ons herinner word aan sy groot daade nie, maar dat hierdie daade weer telkens voor ons neergesit word: die daade moet vertel word asof dit nog maar gister voor ons oë gebeur het en met ons gebeur het. God se grootste daad van barmhartigheid was dat Hy sy Seun gestuur het. Dit was ongeveer

2000 jaar gelede. Toe was daar mense wat Hom gesien het en wat self met Hom gepraat het. Die bedoeling van die liturgie en van die verkondiging van die offer van Christus moet so realisties aan u voorgestel word, sodat u – dit klink dalk vreemd – sodat u voel asof u afgelope Vrydag aan die voet van die kruis gestaan het en die Maandag daarna self in die graf was en met die engele gepraat het. So wil die Here by u gedagtenis aan sy Naam stig, gedurende die hele kerkdiens.

In die eredienste word God se groot daade geproklameer. Dit is 'n ou woord wat die beeld oproep van 'n Middeleeuse herout wat op die markplein belangrike mededelings van die vors voorlees. So mag ons ook die verkondiging in die kerk sien: die dienaar lees die belangrikste boodskappe van die Here voor. Nou was dit destyds op die markplein so dat die mededelings gewoonlik van organisatoriese aard was, oor belastings en so meer. Dit het nie werklik verskil gemaak van watter koning of vors die boodskappe gekom het nie.

In die kerk is dit anders. Daar word die Naam van die Here geopenbaar. Met ander woorde: soos wat Hy is. God se Naam is sy openbaring aan alle mense: Ek is wat Ek is. Met hierdie openbaring van sy Naam, kom God na u toe met sy daade, met sy barmhartigheid, sy genade, sy almag, sy lig en met die groot diens wat Hy aan sy kinders bewys het. Daar is nog baie meer as wat ons ooit sal kan verstaan in die vele eredienste wat ons in ons lewe meemaak. Hierdie openbaring moet ontvang, beleef, besing en beantwoord word in die eredienste. Wanneer Hy sê: "Ek is wat Ek is", dan mag ons antwoord in gebed, in lied, in belydenis: "Ja, ons ken U, ons weet van u genade en van u groot daade. En ons wil nog meer weet."

Daarmee kom ek dan tot die beskrywing van die begrip liturgie: Liturgie is die manier waarop daar in die samekoms van die gemeente van Christus, vorm gegee word aan die ontmoeting van God en sy gemeente. Dit omvat die verkondiging van God se groot daade (o.a. in die Woordbediening) en allerlei elemente (o.a. gebed en sang) wat kan dien om God die eer te gee as antwoord op die verkondiging, "... sodat ons niks vergeet nie ...," volgens die waarskuwing van Deut. 6:12.


Wanneer ons besig is met die liturgie, moet ons nie bly vassteek op die vorms wat ons elke Sondag sien nie, maar ons moet verder kyk na die betekenis daarvan. Ons moet ook nie net kyk na wat daar in ons plaaslike erediens elke Sondag gebeur of wat daar net in ons kerkverband gebeur nie. Wanneer ons die verskillende onderdele van die liturgie van nader bekyk, ontdek ons dat elke onderdeel sy wortels in die Ou Testament het. Hierdie terugblik wys ook tegelykertyd vooruit na die ewige lewe waardeur ons reikhalsend mag uitsien.

Wanneer ons dit besef, sien ons onself skielik binne die enorme ruimte van God se gang met die wêreld. Dan is dit nie meer plaaslik kleinskalig of vaderlands begrens nie, nee, dan staan ons Sondagse eredienste en die vorm waarin dit gegiet word, in 'n onmeetlike glas-in-loodvenster, waardeur ons nou op aarde al kan deurkyk na die pragtige lig van God se heerlike, aankomende koninkryk.

Ek het baie woorde nodig gehad om u in hierdie artikel te vertel wat liturgie eintlik is. Hierdie ryk betekenis moet ons elke Sondag weer tot verwondering bring. Die veelheid van woorde gee 'n aanduiding van die omvattende gebeure. Dit is nie maar net 'n eenvoudige afspraak oor die orde van diens of hoe dit gewoonlik moet verloop nie. Nee, dit gee 'n aanduiding van watter aspekte ons moet oordink as ons die Almagtige ontmoet. U sal besef dat die vergelyking met 'n glas-in-loodvenster te beperk is. Selfs die grootste venster het immers 'n kosyn, terwyl God se groot daade, skepping, liefde en

wysheid geen begrensing ken nie.

Hierdie vergelyking kan u egter wel 'n indruk gee van die veelkleurigheid, maar ook van die eenheid: alles is gerig op een tema, naamlik op die eer van God, wat tot uitdrukking kom in die verkondiging van sy groot daad. Verkondiging, dit is die groot verhaal wat elke erediens vir die lewende God, orals op die aarde deur alle eeue



heen, moet vertel. Ons sou byna kon sê dat as daar 'n onderdeel van die liturgie is wat nie 'n verkondigende element het, dit geskap moet word.

Ons kan die voorbeeld van die glas-in-loodvenster verder gebruik. Ons kan elke erediens sien as 'n stukkie gekleurde glas: in een kerkdiens kan ons dikwels net 'n paar aspekte van die verkondiging noem. Deur hierdie

een stukkie glas skyn die swak lig van 'n flikkerende kersie.

Dit moet heerlik wees om later, na die Jongste Dag, die hele venster te sien! In volle omvang, tot in die kleinste besonderhede, terwyl die volle lig van God se weg met die wêreld daar deur skyn. Dan het ons ook alle tyd daarvoor. Ewigheid. Dan sal die hemelse liturgie die hemelse diens vir die Almagtige wees, waarvan ons nou al 'n swak afbeelding het. En hierdie afbeelding is nou al so mooi, wanneer jy mooi kyk! ▣

KERK, WÊRELD EN ARMES (2)

P van der Kamp

SAMELEWING

In September 2004 het daar 'n nuwe handboek oor die diakonale amp verskyn: *"Barmhartigheid en gerechtigheid"*. Handboek diakoniewetenskap (Hub Crijns e.a., red.) (Kok) Kampen 2004. Daarin het daar 'n kort bydrae uit my hand oor "Kerk, wêreld en armes" gestaan (bl 305-312). In twee artikels het ek al eerder 'n uitgebreide weergawe van hierdie bydrae gepubliseer. In die eerste artikel het ek (1) 'n kort beskrywing van die armoede as wêreldprobleem, gegee gevolg deur (2) enkele opmerkings oor armoede/armes in Bybels-teologiese perspektief. Daarna (3) het ek enkele samevattende opmerkings oor die diakonale kerk gemaak. In dié artikel sluit ek af (4) met die beskrywing van die spanningsveld waarin die kerk te lande kom deur die konfrontasie met die armes in die wêreld.

4. KERK EN ARMOEDE IN DIE WÊRELD

Wat beteken beskikbaarheid vir die naaste, as die naaste arm is? Wat beteken dit om gesond te wees in 'n wêreld, as die wêreld struktureel verdeel is in die ryk noordelike half-rond en die arm suidelike half-rond? Kortom: hoe is die verhouding tussen God, die kerk en die armes?

In verband met die diakonale roeping van die kerk in die (wêreld-) same-

lewing is dit sinvol om onderskeid te maak tussen aan die een kant besinning op die roeping en bewuswording van die gekompliseerde probleme wat daarby aan die orde is, en aan die ander kant waarneembare aktiwiteite wat gerig is op armoedebestryding en hulpverlening.

Één enkele kerklike gemeente kan nie die verantwoordelikheid vir die hulpverlening aan die armes en maatskaplik swakkes in hierdie wêreld op haar skouers neem nie. En dit is ook nie nodig nie. Dit is 'n onbegonne taak. Maar dit is vir één kerklike gemeente wel belangrik om saam te werk aan 'n projek of 'n aksie in die lig van armoedebestryding. Dit kan via landelike, diakonale kantore en verskillende Christelike hulpverleningsorganisasies (vgl. Van Well 1999, 92-97).

Maar 'n kerklike gemeente moet wel haar verantwoordelikheid aanvaar vir die besinning op haar diakonale roeping en vir die probleme. Die diakens het daarin 'n stimulerende taak. Dit is vir 'n diakonale kerk noodsaaklik om steeds weer te besef dat ons in 'n gedeelde wêreld lewe, en dat die Bybel ons oproep 'om armoede te bestry en die armes by te staan in hulle stryd vir 'n beter lewensbestaan.' (Noordegraaf 1987, 6).

Ek konsentreer my op die besinning en bewuswording insake die armoedeproblematiek, en ek doen dit via twee punte: (1) Ek bespreek die vraag of daar van 'n 'voorkeuropsie vir die armes' gepraat kan word. (2) Ek probeer te beskrywe wat nodig is vir 'n diakonale houding ten opsigte van armoede en armes.

a) Voorkeuropsie vir die armes?

Deur verskillende faktore het die konfrontasie van die kerk met armoede en armes in die tweede helfte van die twintigste eeu nogal 'n sterk karakter gekry. Één van die faktore was dat die verskille tussen die arm en die ryk lande net nog groter geword het (ondanks die vele projekte in die kader van ontwikkelingsamewerking). Ook is die armoede-probleem deur die groot verbetering van die kommunikasie (televisie) baie nadrukliker as voorheen in die ryk lande aan die orde gestel. Tegelykertyd het daar 'n 'emansipasie' van die Derdewêreld-lande voltrek, waardeur baie verset ontstaan het teen die sogenaamde 'neo-kolonialistiese' politiek van die ryk lande. Die arm lande wil nie langer voorgeskryf word nie. Hulle wil self besluit wat nodig is, hulle eie doelstellings kies en nie afhanklik bly van buitelandse hulp en medewerking nie. In die internasionale verhouding tussen kerke word hierdie sake ook aan die orde gestel. Groot bekendheid het die oproep tot 'n 'moratorium' gekry, wat uitgegaan het van die 3de Algemene vergadering van die All African Conference of Churches (AACC), wat in 1974 in Lusaka gehou is. Vir Latyns-

Amerika moet in hierdie verband gewys word op die groot invloed van die 2de en 3de konferensies (CELAM) van die Rooms-katolieke biskoppe, wat in Medellin (1968) en in Puebla (1979) gehou is. Deur hierdie ontwikkeling het die vraagstuk van die armoede in die algemene diskussies steeds meer nadruk gekry.

Maar die belangrikste faktor was dat, ook deur die invloed van die bevrydingsteologie, die siening op armoede wesenlik verander het. Hierdie verandering is waarskynlik die meeste effektief as ek dit as volg verduidelik: dit was in 'n Christelike gemeenskap nie aanvaarbaar om die woord 'armoede' 'n plek te gee in 'n opsomming van Christelike of Bybelse kernwoorde (soos 'sonde, geloof, genade, vrede') nie. In die jare 60 en 70 van die vorige eeu het dit egter wel gebeur, en het 'armoede' selfs 'n beslissende begrip geword. Met ander woorde: armoede was nie langer alleen 'n sosiaal-ekonomiese begrip nie, maar veral ook 'n teologiese begrip. Die houding van die kerk teenoor armoede het 'n 'eksperiment' geword. Die kerk moet haar nou positief uitspreek teenoor armoede, want God staan aan die kant van die armes. Daarom bied die weg van die armoede perspektief vir die kerk. Soos die kerk van die Reformasie haar oortuiging vasgelê het in die drieslag 'sola fide, sola gratia, sola scriptura', so moet die kerk in die tweede helfte van die twintigste eeu as oortuiging uitdra: 'sola paupertate' (alleen deur armoede). Hierdie siening word uitgedruk in stellings soos 'God se voorkeuropsie van die armes' en 'kerk van die armes' (kyk bv. Santa Ana 1983) en 'evangelie vir die armes' (vgl. Van de Kamp 2003, 145-147, 148-150).

In die laaste dekade van die vorige eeu het die konsep 'kerk van die armes' 'n bietjie meer op die agtergrond geraak. Tog moet dit ons aandag bly hou, omdat die verhouding tussen God, die kerk en die armes duidelik verwoord word: God staan aan die kant van die armes en die kerk moet vir die (arme) kant kies.

Wat my betref is stellings soos 'God se voorkeuropsie vir die armes' en 'kerk van die armes' 'n te eensydige en 'n te eksklusiewe verwoording van die deur God gegewe en gewaar-

borgde reg van armes op beskerming en hulp.

Sonder om af te doen aan die kern van waarheid in so 'n eensydige en eksklusiewe verwoording, kan ons wel kritiese kanttekeninge maak. As konkrete voorbeeld van God se voorkeuropsie vir die armes, word baie keer verwys na die optrede van Jesus. Tog identifiseer Jesus Hom nie uitsluitend met 'n bepaalde maatskaplike groep mense nie (dat Hy Hom in Matt. 25:32-46 identifiseer met sy 'mindere broeders' wil nie sê dat Hy Hom nie identifiseer met ander groepe nie). Hy het gekom om die wil van sy Vader te doen. Daarom het Hy mens geword en het Hy die armoede op Hom geneem (2 Kor. 8:9; vgl. Hebr. 2:17). Hy het gekom om sondaars te roep (Luk. 5:32) en dit is nie alleen die armes en die maatskaplik misdeeldes nie. 'Daar is 'n fundamentele verbondenheid binne die mensheid, waar niemand aan die buitekant staan nie. Dit is die verbondenheid in skuld vir God. Daar, waar die gevolge van die skuld ook sigbaar word in armoede en onderdrukking, kan ook geen Christen afsydig bly nie. Maar opregte diakonale verbondenheid met die nood van die mensheid, kry daarom ook juis daarin alleen blywende gestalte vanuit geloofsverbondenheid met Christus.' (De Ruijter, 149).

In die lig van die diakonale roeping van die kerk vind ek die tema 'liefde jeens almal', teologies gesien, meer ewewigtig as die konsep 'kerk van die armes'. Dit gaan by hierdie woorde ('liefde jeens almal') om 'n myns insiens staande uitdrukking in die onderwys van die apostels (vgl. Gal. 6:10; 1 Tess. 3:12, 5:15; 2 Pet. 1:7). In 2 Petrus 1:7 is die liefde jeens almal die laaste van 'n opsomming van agt eienskappe wat by 'n herkenbare Christelike lewe behoort. Die opsomming begin met geloof en eindig met liefde. 'Liefde (agapé), die sluitstuk van die ketting, oorskry die grense van Christelike broederskap. Liefde ken tog geen beperkings nie? Uiteindeelik moet Christene doen wat goed is vir almal (...). Met 'n houding van respek vir almal, moet Christene die goeie bly doen (1 Pet. 2:17; 4:19). Maatskaplike bewoënheid kenmerk hulle liefde vir die naaste. So is die naasteliefde die

hoogtepunt in die opsomming: hulle oortref al die ander Christelike eienskappe (1 Kor. 13:13).' (Van Houwelingen 1993, 37-38).

As die kerk die liefde jeens almal in werking stel, dan kan dit nodig wees om prioriteite te stel en voorkeur te gee aan die nood van die armes. Anders gestel: binne die oorkoepelende tema 'liefde jeens almal' kan die kerk in 'n konkrete situasie die noodsaak ervaar om aan die kant van die armes te gaan staan. Maar daarmee kry die verhouding tussen God, die kerk en die armes 'n ander invulling as die konsep 'kerk van die armes': God gee die kerk die taak om liefde jeens almal te laat sien, en die liefde is ook seker vir die armes.

b) Diakonale houding

Wat is nodig om armoede te bestry en langs die armes te gaan staan? - Toelaat. Jy moet allereers die armoede in jou eie lewe toelaat. Jy moet die armoede onder oë durf sien. Dit is veral nodig as jy self nog nooit armoede gely het nie. In ons wêreld is dit meestal so dat mense wat in oorfloed lewe en mense wat in armoede lewe, nie op dieselfde plek woon nie. Tog moet die 'oorfloediges' die 'armoediges' help. Maar hoe kan dit ooit gebeur as hulle die armes nie eers sien nie? Wie oorfloed het, weet nie wat armoede beteken en watter kwellings armoede veroorsaak nie. Wie oorfloed het, wil baie keer niks weet van armoede nie. Jy wil dit nie sien nie. Daarvoor moet jy jou oë goed oophou, om die armoede te sien en toe te laat in jou lewe.

- Agterlaat. Jy het ook nodig dat jy jou eie vertroude plek agterlaat en te voorskyn kom. Arm mense ontmoet jy alleen as jy hulle opsoek waar hulle is. Armoede het altyd te make met die plek in die maatskappy waarin mense beland het. Om armoede te bestry, beteken dat jy iets moet weet van armoede en van die huis waar die armoede heers. Jy moet jou nader aan die armoede begeef, want om afstandelik te bly bring vervreemding. Bowendien het die armes nie alleen maar geld of ander hulp nodig nie, maar ook om die nabyheid te voel van diegene wat na haar/hom omsien. Want armoede maak mense eensaam. Dis hoekom jy jou eie vertroude plek moet agterlaat.

- *Loslaat*. Verder het jy nodig dat jy afstand kan doen van wat jy het, en wat jy ook self sou kon gebruik. Jy moet wat jy besit kan loslaat. Want dit is dan ook so dat dit wat jy vandag weggee, jy môre miskien mag kortkom. Tog gaan dit daarom dat die sorg vir môre ons nie mag verhinder om vandag barmhartigheid te laat sien nie. Ons het die gelowige vertroue nodig dat ons die sorg van môre in die hande van ons hemelse Vader kan lê (Matt. 6:25-34).

c) *Nugterheid*

Ek het gewys op die perspektief van God se nuwe wêreld waar geen armoede meer sal wees nie. Solank die nuwe wêreld nog nie daar is nie,

'sal die armes nooit in die land ontbreek nie' (Deut. 15:11; vgl. Matt. 26:11). Die realistiese konstatering laat sien dat die kerk altyd op haar hoede moet bly vir haar (diakonale) taak in die wêreldsamelewing. Want solank daar armes is, bly die taak bestaan.

Dr. P.W. van de Kamp is dosent Praktiese Teologie aan die "Theologiese Universiteit" te Kampen.

Literatuur:

- *P.H.R. van Houwelingen, 2 Petrus en Judas. Testament in tweevoud (CNT3), Kampen 1993*
- *P.W. van de Kamp, Hart voor de*

stad. Een praktischtheologische studie naar kansen voor kerk-zijn in een stedelijke samenleving, Kampen 2003

- *H. Noordegraaf, Armen zullen nooit in het land ontbreken. Aansporingen tot verzet tegen armoede, 's-Gravenhage 1987*

- *C.J. de Ruijter, De horizon van het heil. Theorie en praxis by Johann Baptist Metz en Clodovis Boff, mede in verband met de vekondiging en het diaconaat van de kerk, Kampen 1992*

- *Julio de Santa Ana, Naar een kerk van de armen, Kampen 1983*

- *Herman van Well, Diaken in de praktyk, Kampen 1999* ▫

GEHOORSAAMHEID: MAG 'n MENS DIT NOG VRA? (I)

J Baas

OPVOEDING EN ONDERWYS

Dit is vakansie. Almal het die dag af. Dus kan ons almal lekker laat slaap. 'n Heerlike gedagte. Na 'n tyd raak 'n mens egter moeg vir die bed en staan maar op. Pa trek gou sy kamerjas aan. Hy wil gou voorbereidings begin tref vir ete. Wat die tyd betref, sal hulle seker "brunch" eet. Wanneer hy in die sitkamer kom, blyk dit dat hy nie eerste opgestaan het nie. Die oudste drie kinders sit gespanne op die bank voor die televisie. Dis sg. kinderprogramme is aan die gang; dis 'n tekenfilm wat wys, met alles-behalwe vredeliewende beelde. Hoe lank sit hulle al daar? En bowendien, daar is 'n afspraak in die huis: die kinders sit nie self die televisie aan nie. Dit mag net met Pa of Ma se toestemming. Wat moet Pa in hierdie geval doen? Kwaad word? Die televisie afsit? Dan sal 'n mens die kinders se gesigte moet sien ...

Dit is vroegmiddag. 'n Aantal kinders van 'n gereformeerde laerskool bly by die nasorg. Een van die ma's kom hou toesig. Dis die reël dat die kinders op hul plekke bly sit terwyl hulle eet. Maryke staan op van haar plek sonder om te vra en loop met 'n beker in haar hand na 'n maat om te gesels. Die ma betig haar en beveel haar om op haar

plek te bly sit. Maryke kyk na die ma asof die grootste onreg haar aangedoen word. En sy sê: "Dit mag van die ander ma's, en jy is nie my ma nie!" Hoe moet die ma hierop reageer? Sal sy dit maar los? As die ander ma's dit toelaat ... En Maryke se onvriendelike gesig ... As nasorgma wil sy graag gewild wees by die kinders, dan is dit dalk vir hulle lekkerder as sy 'n volgende keer weer kom.

INLEIDING

Hierdie artikel handel oor gehoorsaamheid in die opvoeding. Mag 'n mens dit deesdae nog vra? Kinders (en die ouers?) het 'n afkeer van mense wat mag oor hulle het, aldus "opvoedingsghoeroe" Gordon. Hulle wil self 'n sê oor hul lewe hê. 'n Mens kan eerder met hulle onderhandel en hulle tot insig bring. Dit

het meer sin as om jou ouerlike gesag te laat geld. Die hele maatskappy word gekenmerk deur verdraagsaamheid. Alles "moet kan". As ouers sou 'n mens byna nie meer leiding in die opvoeding durf te gee. Al gou voel 'n mens of jy outyds of bemoeisiek is.

Om kinders op te voed tot selfstandigheid beteken tog: om verantwoordelijkheid aan hulle te gee. Dan moet 'n mens as ouers jou kinders tog toelaat om so gou as moontlik oor allerlei dinge self besluite te neem? En laat ons eerlik wees: sedert die sondeval sit gehoorsaamheid nie eintlik in ons bloed nie. Dit geld vir ouers sowel as vir kinders. Maar wat maak ons dan met die Bybelse norm: "Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg." (Efesiërs 6:1)

Hieroor sal dit in hierdie artikel gaan, en wel aan die hand van die volgende onderwerpe: Wat is gehoorsaamheid eintlik? Waarvandaan kom gesag? Wat is die doel? Hoe word dit toegepas? Gehoorsaamheid en beloning. Kan gesag misbruik word?

WAT IS GEHOORSAAMHEID?

Om te gehoorsaam is afgelei van die woord *hoor*. Dit het daarom te



doen met luister. Bv. in die geskiedenis van die storm op die see (Matthéüs 8:27), waar die dissipels opmerk “dat selfs die winde en die see Hom gehoorsaam is”. Die elemente luister na die bevel van Jesus en doen wat Hy sê. Die storm en die see is elemente. Kan ‘n mens so ‘n gehoorsaamheid ook van kinders verwag? Mag ‘n mens ook aan kinders iets beveel, iets opdra? Hulle is mos lewende wesens, geskape met ‘n wil en met eie inisiatief. Hulle dink ook na oor dinge en sou op grond van sekere oorwegings kon weier. Mag ‘n mens desondanks van kinders vra om te gehoorsaam, om te luister? Frustreer jy daarmee nie jou kinders nie?

Vir die antwoord op hierdie vraag luister ons eers na wat die Bybel hieroor te sê het. Ons groot, magtige, onnavolgbare wyse God wil ons Vader wees. (Hoe is dit moontlik!). Daarvoor het Hy gegee dit wat Hy die liefste gehad het, nl. sy eie Seun. Hy wil die mense weer gelukkig maak, daarvoor het Hy aan hulle sy tien reëls gegee. Let wel: nie tien aanbevelings nie, maar tien gebooe. Ons moet daarna luister en dit doen, ouers sowel as kinders. Een van hierdie gebooe, die vyfde, staan juis min of meer tussen die eerste en die tweede tafel van die wet. Tussen die liefdesgebod vir God met alles wat jy het, en die gebod van liefde aan die naaste soos vir jousef. In die vyfde gebod gebied God: “Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.” Om te eer wil sê: respekteer, die regte plek toeken; dit beteken ook: gehoorsaam, hulle volg.

Hierdie gehoorsaamheid van die vyfde gebod geld vir ouers sowel as vir kinders. Dit is mos by die berg Sinai aan die hele volk gesê. Hierdie gehoorsaamheid aan die Here God en Jesus Christus vorm feitlik die basis vir ‘n Christelike gesinslewe.

Gehoorsaamheid: om ‘n liefdevolle stem van harte te volg

Gehoorsaamheid is gebaseer op gesag. Gesag sê iets oor die

posisie van die een teenoor die ander. Jy het iets oor die ander te sê. Ons erken God se gesag. Hy het die sê in ons lewe.

Met gehoorsaamheid word nie bedoel om uitsluitlik te reageer op nors bevele nie. Maar juis om ‘n liefdevolle stem van harte te volg. Dus sê dit ook iets oor die houding van die opvoeder. God se gesag word gedra deur sy liefde. God is tog liefde. Vir Hom gaan dit om jou behoud. Hy wil jou na sy heerlike toekoms lei. Daarvoor gebruik Hy sy gesag. Daardie gesag is geen doel op sigself nie. Nie by God nie, en daarom ook nie by vaders en moeders nie!

WAARVANDAAN KOM GESAG?

Gesag is nie vryblywend nie. Dit geld ook vir die opvoeding. Die Here God het naamlik ‘n gebod oor die gesag gegee. Die besonderse van hierdie gebod is dat Hy ‘n belofte daaraan verbind, ‘n belofte vir dié wat die gebod onderhou. Die Here God sal jou dae verleng in die land wat Hy aan jou gee. As gevolg van hierdie belofte is dit ook ‘n unieke gebod. Die beloning staan daarby geskryf. Daaruit blyk tegelykertyd hoeveel waarde die Here God aan hierdie gebod heg. Hy wil die mens ekstra stimuleer om hierdie gebod te hou.

Wat wil die Here God aan ons sê met hierdie gebod en die belofte wat daaraan verbonde is? Dit is die taak van moeders én van vaders om aan hulle kinders die pad na God se Koninkryk te wys. Hierdie opdrag het hulle van Hom gekry. Daarom moet die kinders hulle ouers daarin gehoorsaam. Ouers het die taak om hulle opvoeding te rig op die Koninkryk van God.

Dit is ook opvallend dat die Here God in die eerste deel van die gebod nie sê: “Eer jou ouers” nie, maar: “Eer jou vader én jou moeder”. Daarin kom mooi na vore dat Hy onderskeid maak, en warmte gee. Jy moet jou vader én jou moeder eer, elkeen met sy of haar eie take.

As ouer/opvoeder is jy vir ‘n belangrike deel vir jou kind die identifikasie-figuur van God

Gesag kom van God af. Hy gee dit aan die ouers. En nie as ‘n doel op sigself nie, maar – so blyk dit uit die vervolg van die gebod – as ‘n middel. Ouers is instrumente wat die Here God gebruik. Dit vra van ouers die besef dat hulle ook gesag moet opeis. Gesag, soos dit deur God bedoel is. Of jy dit nou wil of nie, as ouer/opvoeder is jy vir ‘n belangrike deel vir jou kind die identifikasie-figuur van God. Dit beteken dat ‘n kind vir ‘n groot deel die beeld wat Hy van God vorm, via die ouers vorm. Streng ouers, wat niks toelaat nie, gee aan ‘n kind die gedagte dat God ook so ‘n streng en onbarmhartige Persoon is. Andersyds: ouers wat alles maar net toelaat, skep by kinders ‘n beeld van God as iemand wat ook nie alles kan help nie, iemand wat alles goedkeur. Kinders leer deur die gehoorsaamheid wat ouers van hulle vra, ook om die Here God te gehoorsaam. Daardeur leer hulle besef dat daar ‘n mag bo hulle is.

Natuurlik kan ‘n mens as ouers nooit ‘n volledige beeld van God verteenwoordig nie. Daardie taak sou te moeilik wees. Ouers is ook maar net mense. Daarom het God in sy oneindige wysheid sy Gees aan vaders en moeders gegee. Hy sal hulle vir hul taak toerus. Dit beteken nie dat ouers maar met hul arms gevou kan sit en wag tot hulle die Gees binne-in hul voel nie. Die Gees van God werk deur die Woord. Dit beteken: ouers wat wil opvoed volgens Gods wil, wat bewus is van hul besondere opdrag, het die Bybel oop in hul lewe. So laat hulle die Gees daarin werk. Christen-ouers kan hul taak net goed vervul as hulle naby die Woord lewe. Indien jou houding is om gehoorsaam te luister na Vader in die hemel, leer jy jou kinders die regte lewenshouding.

Kinders behoort na hul ouers te luister, omdat dit beteken: om te luister na Vader. Ouers moet dus die beeld van Vader uitstraal!

Uit: De Reformatie Jg. 76 No. 7, 18 November 2002 ✠